# *Jou Huisgenote*

. . .Ek sê julle, dit sou—dit. . .Ek weet julle kom nie soontoe om na my te luister nie, sien, want niemand sou so ver ry om 'n prediker te hoor nie. Julle kom soontoe omdat julle—julle die Boodskap glo en julle in Christus glo, en ek waardeer dit.

2 En ek is so dankbaar om sulke vriende te hê, om iemand te hê wat—wat julle—julle pogings waardeer, dis wat julle probeer doen, om—om so ver oor daardie toestande te ry. Enigste ding wat ek kan sê, ek wens dat. . .Ek het vir Meda gesê, ek het gesê: "Wonder of ons al die mense kon kry wat van verder as vyftig myl gekom het, bo by die huis, vir middagete?" Sien? Ek weet nie wat ons met hulle sou doen nie, julle sien, want die grootste deel van ons kerk, reken ek, tagtig persent van hulle is julle mense, wat bestaan uit Mississippi, Alabama, en Georgia, en plekke soos daardie, waar julle vandaan kom. En julle dink. . .

3 En nie een van die mense wat gekom het, is ryk mense nie, hulle is net gewone mense. En ek weet dit kos 'n hele klomp van julle wat sente-omdraai om dit te doen, want ek weet hoeveel petrol dit kos om te kom en gaan, en behalwe dit die slytasie op 'n motor, want die heen-en-weer reis is omtrent, o, ek reken dis omtrent sestien, sewentienhonderd myl vir een preek, en dit elke week te doen. Dink daaraan. Sien? Ek net, ek voel omtrent *so* klein, eerlik, net of ek 'n halfduim lank was om voor julle te staan om julle regtig te vertel hoeveel ek—hoe ek dit waardeer.

4 Ek en my vrou het gepraat, as julle mense nie gekom het wanneer ek diens gehou het nie, sou die tabernakel my nie betaal om daarheen te gaan nie, want daar's meer in hierdie kamer, net nou, as wat daar sou wees as dit nie vir julle mense was nie, dis net die waarheid.

5 En dit vervul wat die Skrif sê: "In ons eie land, onder ons eie mense." Jy. . .Jou—jou respek en eer kom altyd van die buitestaander, ek weet nie hoekom nie, maar, ek bedoel nie die buite-. . .Ek bedoel van buite jou eie huis. Kan natuurlik nie, daaraan dink dat julle almal buitestaanders is nie, julle is my medebroers en burgers in die Koninkryk van God.

6 En hier 'n tyd gelede, het ek 'n ou krokodilletjie laat opstop, hieronder, en ek het vir Broer Welch gesê ek kom soontoe om dit te kom haal. En die kinders se vakansie was nie verby nie, en ek het gedink ek sal hulle na Florida toe neem, onder in St. Petersburg in die oggend, en verder aan, ek wil opgaan na Miami en omkom met die Tamiami Roete, en weer terug huis toe. En hulle moet dadelik skool toe gaan, en ek het gedink hierdie sou 'n goeie tyd wees om vir die krokodil te stop.

7 En so Broer Welch, uh, Broer Fred en Broer Wood het saam met my gekom, so dit sou my ’n kans gee om die kinders te bring, en hulle gaan my krokodil terugneem. En ek het gedink, terwyl ek hieronder was, sou ek net graag wou hê ’n. . . julle groepie bymekaar kry, om julle te vertel hoe ek julle waardeer, hoe ek julle pogings waardeer.

8 En Broer en Suster Evans, en—en Broer en Suster. . . Ek—ek verstaan dit, ek noem dit S. T, ek weet dis T. S. Ek. . . Daar’s ’n —’n gorrel, mondspoelmiddel wat hulle S.T.37 noem, en dis hoe ek jou noem S.T. Nie van. . . En dis ’n—dis ook ’n goeie ding, dis baie goed, dis beter as die res van hulle, volgens my opinie. Hulle gebruik dit in die weermag, en ek gebruik dit vir omtrent enigiets: om mee te gorrel, en vir ’n mondspoelmiddel, en neem dit op ’n jagtog saam met my, waar as my perd seerkry, gooi ek ’n bietjie daarvan, julle weet, net—net enigiets, dis—dis goed vir alles.

Ek reken, julle vind hom ook so, nie waar nie, Suster? Die heeltyd, om die skottelgoed te was partymaal ensovoorts.

9 En so, het ek gedink ek sou miskien vanaand vra, ek het vir Broer Welch gesê: “Wat sou jy. . .? Wat sou ons sê wanneer die mense kom? Dink jy. . .?” Ons het gedink miskien as julle ’n klein vragie gehad het waaraan julle gedink het, net ’n ietsie wat julle kon, miskien iets wat ek kan antwoord, iets wat julle nie sou wou, miskien, hulle tyd daarbo by die tabernakel mee opneem wanneer julle daar is nie, een of ander vragie, en dis waarvoor ek gekom het.

10 So, ons weet dat julle werk toe gaan in die oggend. Dis nou tien minute oor nege, so ons sal net dadelik daarmee begin. Maar voor ons dit doen, kan ons net ons hoof buig vir ’n woord van gebed?

11 Ons Hemelse Vader, ons is so bly vir Jesus Christus, ons Here, Wat—Wat ons siele gered het van ’n lewe van sonde, en ons die burgers van Sy Koninkryk gemaak het, deur Sy genade is ons gered, en dit, nie uit onsself, of deur ons werke nie, maar deur Sy genade is ons gered, so ons is so bly daaroor. En ons weet dat ons Hom eendag sal sien, want ons sal ’n liggaam hê soos Sy Eie glorieryke liggaam, en ons sal Hom sien soos Hy is. Op hierdie tydstip, weet ons nog nie hoe dit sal gebeur nie, maar dis nie vir ons om te weet nie, ons sien net daarna uit deur geloof, en die hele wandel is geloof. So, ons is dankbaar vir hierdie dinge.

12 Ons bid dat U hierdie mense sal seën, Here. Soos ek hierheen gery het, U weet wat in ons harte was gisteraand, ek en my vrou, soos ons langs die pad gepraat het. Hoe, dat, ons geseënd voel om te wees, om vriende te hê wat sou opoffer om die glorieryke Evangelie van die Seun van God te kom hoor, al daardie honderde myle deur ’n dag en nag sou ry, net om een boodskap te hoor.

13 God, ek bid dat U vir hulle, elkeen, ’n glorieryke tuiste in die Koninkryk sal gee. Seën hulle terwyl hulle hier op aarde is, maak hulle voorspoedig in wat hulle ook al mag doen, mag dit voorspoedig wees.

14 En hierdie jong kinders, Here, nog net klein outjies, en baie van hulle hier in tienerjare, en tog sit hulle met die eerbied en respek soos ’n volwassene, God, ek dink hulle is die beste in die land, ek bid dat U hulle sal seën, Here, mag hulle nooit enigiets kortkom nie, en mag, in die groot Koninkryk aan die anderkant, wanneer die familie almal bymekaar is, ek is seker hulle sal daar wees, Vader. Ek—ek bid dat U elkeen van hulle daar sal kry, mag hulle nooit afdraai van daardie groot, nou weg wat hulle geleer is om in te wandel nie. Skenk dit, Here.

15 Nou vanaand, het ek gedink, Vader, sou ons uitvind wat op die mense se harte is. U ken hulle harte, en ek bid U, Vader, dat U my sal help om hulle vrae te beantwoord, dat dit goed mag wees vir ons, dat dit goed sal wees vir ons om hier te wees, en ons kan aangaan en sê: “Was ons harte nie brandende in ons, as gevolg van Sy Teenwoordigheid nie?”

16 Kom nou, Here, loop deur die stoele, sit U hand op elke skouer, vryf U spyker-merk hand oor elke hart, dat ons mag weet dat Dit ons Here is wat naby is, want ons vra dit, in Jesus’ Naam. Amen.

17 Ek dink ons het ’n—’n Bybel hier, ek wil net graag ’n—’n Skrif Hierin lees, net vir ’n oomblik, om ’n klein begin te maak, voor ons met die les begin, of, vrae, liewer.

18 En hierdie, ek wil graag hierdie lees, ’n—’n plek wat ek vanmiddag gevind het. Ek het voorin gery, saam met my en Broer Welch gery, voor in die voorste sitplek van Broer Sothmann se bakkie daar, en ek het iets gelees, ek het gedink ek wil net graag daaroor praat, net vir ’n paar minute, as ek dit kan vind in sy . . . o, ja, hier het ons dit.

19 In die 16de hoofstuk van Handelinge, en vanaf omtrent die 37ste vers.

> *Maar Paulus sê vir hulle, Hulle het ons openlik geslaan . . .*

20 Verskoon my, dis nie net waar ek wil nie, net waar ek wou begin lees nie. Dis . . . Ek het ’n plek hierin gelees, net . . . Ek sal dit net binne ’n oomblik kry. Hier het ons dit, dis die 29ste vers, 28ste vers, laat ons begin.

> *Maar Paulus het met ’n groot stem uitgeroep,* en gesê, *Doen jouself geen kwaad aan nie, want ons is almal hier.*
>
> En hulle het *lig gevra, . . . spring na binne, en val bewende voor Paulus en Silas neer,*
>
> *En hulle uitgebring, en gesê, Menere, wat moet ek doen om gered te word?*

*En hulle sê* vir hom, *Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word, en jou huisgenote.*

21 Dis net een van hierdie kwelvrae waaroor ek net gedink het ek graag net 'n oomblik wou praat, oor *Jou Huisgenote*, omdat ek julle sien, elkeen, julle huis so mooi in orde het, julle—julle kinders gered, en—en dis—dis lekker as jou hele familie Christene is, want ek . . . ons—ons wil hê ons families, ons, elkeen, dink aan ons kinders. En ek kan beslis julle goeie mense hier onder prys, oor julle pragtige kinders, hoe julle hulle almal in orde het en alles soos daardie. Ek . . .

22 Aangename kennis, Suster? En ek glo dit is, was dit nie, moeder wat pas daar agter ingekom het nie? Die Here seën jou, ek is bly om jou weer te sien, vanaand. En ek glo hierdie is Broer Willie se vrou, is dit nie reg nie? En dis die baas van die familie net daar, soos ek verstaan, dat, of, dis hoe dit gaan by ons huis.

23 En om jou huis te hê, nou, het Paulus hier gesê, vir—vir hierdie Romeinse hoofman oor honderd, toe hy was . . . Ons vind uit dat Paulus die vorige aand geslaan is, in opdrag van die magistraat, en geslaan is, omdat hy niks boos gedoen het nie, hy was daarbo besig om die Evangelie te verkondig. En die kerkleiers daar het dit teen Paulus gehad, want hy het die Evangelie verkondig, en hulle het gesê hy was besig om die wêreld om te keer.

24 En hy het in die straat afgegaan en daar was 'n fortuinvertellertjie, 'n vrou met 'n—'n gees van fortuinvertellery, en sy is gehuur om hierdie fortuin te vertel. En toe hulle in die straat afgegaan het, sou sy agter Paulus aan uitroep, en sê: "Hulle is manne van God, wat vir ons die weg van—van die Lewe vertel."

25 En Paulus het nie die duiwel nodig gehad om hom met enigiets te help nie, so hy het net omgedraai en daardie gees in die vrou bestraf, en toe dit het, o, het dit 'n oproer veroorsaak. En toe hulle uitgevind het, het die—die gees haar verlaat, en kon sy nie meer fortuine vertel nie.

26 So, die—die een wat haar daar gehuur het, en waarskynlik vir haar gesorg het, wel, dit het 'n groot oproer veroorsaak, en hulle is geslaan en in die tronk gesit. En ek kan my voorstel Paulus en Silas wat agter in daardie ou vuil tronk in die binnehowe, diep binne-in lê. Die buitekant, waar die beste gevangenes aangehou is, was erg genoeg, maar hulle was aan die binnekant, en toe hulle diep binne-in gegaan het, is hulle in blokke geplaas.

27 Ek weet nie enige . . . Het julle al ooit blokke gesien? Ek het die voorreg gehad om hulle te sien, hulle—hulle sit hulle in jou, oor jou voete, en dan sit hulle hulle oor jou hande, en sit hulle dan oor jou nek, en daar sit jy daar.

28 En die Chinese doodstraf, die manier wat hulle dit altyd gedoen het, dit was baie wreed, hulle sou hulle in daardie blokke

sit en water laat drup, net een druppel op ’n slag, wat op hulle kop geval het, soos *daardie*, totdat dit hulle net kranksinnig gemaak het. Hulle sou daar sit en sou hulle niks gee om te eet of te drink soos daardie nie, en hulle—hulle oë sou draai en alles, dit was net, verskriklike ding.

29 Hulle sê die eerste paar druppels, natuurlik, vir miskien die eerste dag, is dit nie so erg nie, maar hulle sê na ’n paar dae, dat daardie druppels voel soos vyftig ton wat val, julle weet, elke keer, reg op daardie selfde plek tref, want jy kan nie jou kop beweeg nie, jy’s in daardie blokke.

30 En dink net dat Paulus en Silas, vir die verkondiging van die Evangelie, agter in daardie ou vuil plek gelê het, en waarskynlik rotte, en muise, goggas op hulle, en alles. Wat ’n plek vir ’n man wat die Evangelie verkondig! En ons dink vandag, dat ons kla omdat dinge ’n bietjie moeilik vir ons is; kyk wat hulle gedoen het, en in die wete wat op hulle gewag het, miskien teregstelling die volgende oggend.

31 Maar hulle was getrou, hulle—hulle was . . . hulle het getrou gebly. En omtrent middernag daarbinne, en ek kan net dink aan hoe hulle moes gevoel het, hulle rug wat kleef aan die ou grond waar gevangenes, en dit was melaatsheid en al die res wat in daardie dae was, en op die ou harde vloer gelê het, mag ’n grondvloer gewees het, rotte wat oor hulle gehardloop het.

32 Maar te midde van dit alles, miskien geen aandete nie, en geslaan totdat hulle gebloei het, en gekneus, en seer, geen dokter om die wonde uit te was, of enigiets vir infeksie wat ons vandag sou gebruik, of so-iets nie, hulle net daar agter gegooi, hulle in die blokke gesit, en hulle in daardie toestand geplaas, maar hulle het nie gekla nie. Nie een klagte het van hulle af gekom nie, en in die wete, miskien die volgende oggend, dat hulle sou, die magistrate hulle waarskynlik voor die keiser sou roep en wanneer hulle het, of, die Sanhédrin, en hulle sou tereggestel word omdat hulle hierdie kettery verkondig het, wat dit genoem is in daardie dae, die Evangelie, dat ons waarlik, ernstig stry vir daardie selfde geloof vandag.

33 En dan wanneer ons daaraan begin dink, dan word die myle ’n bietjie korter tussen-in, julle sien, elke keer wat ons daaraan begin dink.

34 En dan vind ons uit dat omtrent middernag, Paulus en Silas oor die Here moes gepraat het tot omtrent middernag, en toe het hulle gesange begin sing, een of ander goeie ou Christelike lied. O, as ons vandag sou sing, sou ons *Daar’s Krag In Die Bloed* sing, of *O, Hoe Lief Het Ek Jesus*, of so-iets. En toe hulle begin sing het, het daar meteens, ’n aardbewing die plek getref. En let op wat dit gedoen het, in plaas van om daardie mure van daardie groot ou gebou reg op hulle te laat intuimel, en hulle . . . en hulle doodgemaak het, het dit die mure van hulle af weggeskud, en nie

net dit nie, maar dit—dit—dit het die blokke en tralies van hulle afgebreek, en is hulle bevry.

35 Dink nou, oor hulle voete, oor hulle hande en oor hulle nek is hulle bevry, elkeen van hulle. En in plaas van daardie groot ou, swaar Romeinse tronk wat op hulle ingeval het, het dit weggeval van hulle af, soos *hierdie*, en nie net dit nie, maar die boeie en dinge het van hulle afgeval. Sien, dis ons God wanneer ons getrou bly. Sien, ons moet getrou bly. En solank ons getrou is en—en aan. . .

36 Ons, nou, ons mag nie in daardie soort toestand wees nie, ons, nie een van ons mag beland, ek hoop ons beland nie in soiets nie, maar ons kan getrou wees in wat ons moet, wat ons moet deurgaan, miskien is dit 'n vervolging, miskien is dit iemand wat vir jou lag, miskien is dit iemand wat sê: "Jy's outyds, jy's holy-roller," of—of wat hulle jou ook al mag noem, of jou bespot, of iets, laat ons net so getrou wees, want God ag ons getrouheid daaraan, net dieselfde as wat Hy het, hulle getrouheid geag het aan wat hulle was. . .hulle moes deurgaan.

37 En toe, ewe skielik, toe die Romeinse gevangene, of, die hoofman oor honderd moes—moes, die wag by die deur, hy moes gedink het dat, daardie aand, toe Paulus en Silas oor die Skrif gepraat het, hy moes iets geleer het, want hy het nie die manne geken nie, maar hy moes op een of ander manier geweet het, of hulle sang gehoor het, of iets, wat hom laat weet het, sommer gou, dat hulle heilige manne was.

38 Want julle sien, hulle. . .hy was 'n Romein, en hulle was Jode, en hy was 'n heiden, en hulle was Christene. Maar het julle opgelet, sodra hy uitgevind het dat daar was. . .dat die tronk platgeskud is, en hy het geweet dat hy daarvoor sou moes antwoord.

39 Wag, onthou julle die tyd van Elía? toe hy homself vermom het en Koning Agab daarbuite ontmoet, en gesê het: "Ek was 'n wag en my lewe, natuurlik, het afgehang van die man en hy het weggekom."

40 En—en hy het gesê: "Wel, jy sal daarvoor betaal, dan, met jou lewe, dis die plig van 'n wag." So hy het homself onthul en gesê hy was Elía die profeet, en gesê: "Jy het die koning laat gaan, Agag." En hy het gesê: "Jy sal—jy sal daarvoor boet met jou eie lewe," en hy het.

41 So dan, vind ons uit dat hierdie Romeinse hoofman oor honderd, in die wete dat hy met sy eie lewe sou boet vir hierdie, hy het sy swaard uitgetrek sodra hy uitgevind het hulle was weg, en het homself begin doodmaak, sy eie lewe te neem, om nie die straf te verduur. Sommige van hul-. . .Miskien in daardie selfde soort blokke sit, ensovoorts, totdat hy gesterf het, so hy het gedink hy sou dit net alles beëindig, en sy swaard uitpluk, en homself doodmaak.

42 Maar vinnig, het Paulus uitgeroep toe hy dit gesien het, en gesê: "Doen jouself geen kwaad nie, want ons is almal hier." Sien? En die man het toe besef dat. . . Daar moes iets gebeur het voor dit, wat hierdie man laat weet het dat hulle Christenmanne was, of heilige manne, want vinnig het hy neergeval voor hulle voete.

43 Ek sou my voorstel hy het hulle liedere hoor sing, hy het hulle hoor getuig, hy het hulle gesprek gehoor. Nou, laat ons net 'n oomblik dink, mense, as daardie Romeinse hoofman oor honderd oortuig en skuldig gevoel het omdat hy daardie twee manne, gegéselde gevangenes, gehoor het, nou, ons is nog vry, en ons is nie gegésel of gevangenes nie, maar die aanhoor van hulle getuienis so 'n invloed gehad het, dat dit hom laat sê het: "Wat moet ek doen om gered te word?" wat behoort ons dan te doen met ons invloed? Sien? Ons behoort te getuig.

44 Julle jongmense, wat dit ook al mag wees, julle mag dalk nie preek nie, miskien het God jou nooit geroep om te preek nie, maar jy, as jy 'n huisvrou is, of wat jy ook al is, 'n tiener, laat ons iets doen, jy weet, dat, en 'n lewe lei wat die mense laat sê: "Wel, dis—dis 'n Christen wat daar gaan, dis—dis 'n Christen."

45 En so, vind ons dat hierdie kêrel op een of ander manier beïndruk moes gewees het, deur daardie liedere of wat hulle ook al daarbinne gedoen het, om te besef hulle was Christene. So hy het 'n lig gekry, en toe hy ingekom het en gesien het dat Paulus daar gestaan het, en selfs die gevangenes daar agter in, niemand van hulle probeer wegkom het nie, almal daar was, so hy—hy het sy swaard neergesit, en neergeval aan die voete van Paulus en Silas, en gesê: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"

46 Nou, het julle opgelet, ek en jy vandag, en omtrent alle predikers, of sovoorts, ons probeer altyd vir 'n kêrel sê wat om *nie* te doen nie, ons sal sê: "Nou hou op met rook, hou op met lieg, hou op met steel, hou op *hiermee*, of *daarmee*." Nou, dit—dit was nie wat die man gevra het nie, hy—hy het nie gesê: "Wat moet ek *ophou* doen om gered te word?" nie. Hy het gesê: "Wat moet ek *doen* om gered te word?"

47 Sien, ons probeer vir hulle sê wat hulle moet ophou doen. Sien? En sê: "Wel, ek moet *dit*, *dat*, of die *ander* doen." Nee, sien, dit is nie die vraag nie. "Wat moet ek doen?" nie "Wat moet ek ophou doen?" nie. Maar jy doen net wat jy veronderstel is om te doen, en al die res daarvan sal vir homself sorg, jou gelieg, diefstal, of—of drinkery, dobbelary, en die dinge te doen wat verkeerd is, dit sal ophou wanneer jy doen wat Paulus sy vraag mee beantwoord het: "Wat moet ek doen om gered te word?"

Hy het gesê: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy, en jou huisgenote sal gered word."

48 Nou, rede waarom ek gedink het om dit te sê, omdat julle mense hier, meeste van julle, julle—julle kinders is gered, sien, hulle is Christene. Ek het Broer Evans se familie bewonder,

hierdie jong manne hier. Gewoonlik, waar sou jy 'n tiener kry, wat hier sit en luister na iemand, prediker wat praat? Wel, hulle sou uitgaan en op 'n ander plek wees, klein meisies soos daardie.

49 Ek het vir Broer Fred gesê, sy kinders, wel, hulle—hulle kan my net een ding hoor sê wat verkeerd is, hulle is—hulle is—hulle is gereed om dit net nou te stop, julle sien; en sit met die hoogste eerbied, in plaas van om uit te wees in sportmotors, rond te jaag. Hulle sal, wanneer hulle jou hoor praat oor die Evangelie, is hulle gereed om net daar te sit en luister. Sien?

50 Nou, ek weet ons wil almal . . . dink ons kinders is afvalliges en sulke dinge, maar ons—ons moet ophou daarmee, ek—ek glo dat ons moet onthou dat hierdie kinders die beste kinders in die wêreld is, want hulle is ons kinders, en ons eis hulle vir God.

51 Nou, jou verlossing sal nie daardie kind red nie, maar nou, het Paulus gesê, gesê: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy, en jou huisgenote sal gered word." Nou, hy . . . Nou, wat het hy daarmee bedoel? Hy het dit nie bedoel omdat hulle gered is, dat hulle huisgenote daardeur gered sou word nie. Hy het dit bedoel: dat omdat hulle . . . het . . . as hy genoeg geloof gehad het om self gered te word, sy selfde mate van geloof wat hy vir homself gehad het, sou werk vir sy kinders. Sien wat ek bedoel?

52 Nou, ek het my kinders, *daar* is my seuntjie, Joseph, Billy, Sarah, Rebekah, wel nou, ek wil elkeen van hulle as 'n werker in die Evangelie sien, wat iets doen, ek wil hulle gered en vervul sien met die Heilige Gees.

53 Nou, ek het hulle aan God toevertrou en sê: "Ek hou vas aan God vir hulle." Sien? En ek glo hulle gaan gered word, elkeen van hulle. Sien? Ek glo hulle gaan gered word, en ek sal hulle aan die Anderkant hê. En—en ek glo nie my verlossing sal hulle red nie, nee, maar my geloof in God sal dit doen, julle sien, my geloof, glo God sal dit doen, en sal hulle na Christus laat kom.

54 En ek glo dis waar julle mense, wat bid vir julle kinders, en dis waarom julle kinders die—die maniere het, en die—en die ware *dame* en *heer* in hierdie wilde eeu waarin ons lewe, tog het hulle daardie—daardie deel van hulle wat die beste is wat ek van enige kinders weet. Sien? Wel, ek dink die rede daarvoor is omdat julle gebede vir hulle, en julle hulle aan God toevertrou het en vashou daaraan.

55 Sien nou, die Romein het gesê: "Wat moet ek doen?" Hy het net vir homself gevra, hy het gesê: "Wat moet ek doen?"

En hy het gesê: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy, en jou huisgenote sal gered word." Sien?

56 Nou, nou, ons het een ding om te doen. Laat ons net 'n oomblik teruggaan om iets te kry om te beklemtoon met my teks, nou, dis dit: Laat ons 'n ou man neem waarvan ek weet in die Bybel met die naam van Job.

57 Nou, Job was 'n groot man, daar was niemand soos hy in sy dae nie. Job was 'n profeet, en mense het van heinde en verre gekom om na Job te luister. En God het hom geseën, en hy was, hy was voorspoedig, hy was 'n ryk man, o, hy het duisende beeste en skape gehad, en—en die dinge wat hy gehad het.

58 En, wel, hy het gesê wanneer hy sou uitgaan in die strate, die jong prinse van die Ooste, dis die Magiërs, die wyse sterrekundiges, julle weet, hulle gesê het... gesê hulle sou voor hom buig net om 'n woord van sy wysheid te vra. Sien? Hy was 'n slim man, hy was—hy was 'n profeet.

59 En so, het die duiwel afgekyk, en hy het gesien dat—dat Job 'n slim man was. So ek sal julle wys wat 'n slim man maak. Nou, om terug te kom na die teks *Jy, En Jou Huisgenote*. Job het gesê, toe hy gesien het alles was net in 'n goeie toestand, soos julle huise nou is, het hy gesê: "Jy weet, my kinders is getroud en is weg, maar," gesê: "miskien, een van... moontlik mag een van hulle gesondig het."

60 Nou, daar was een vereiste wat God gehad het, dit was 'n brandoffer. Hy het gesê: "Nou, ek nie..." Hy het nie geglo sy kinders het gesondig nie, maar gesê: "Miskien mag hulle sondig, omdat hulle mekaar besoek, en na die partytjies by mekaar se huise toe gaan," ensovoorts, en meng, neem ek aan, ensovoorts. Hy het gesê: "As een van hulle gesondig het, so, Here, bring ek 'n brandoffer, en offer hierdie brandoffer vir my kind." Sien? En dis al wat hy geweet het om te doen, dis al wat God vereis het, 'n brandoffer, dis wat, al wat Hy vereis het.

61 Wel, toe, toe die groot middernaguur aangebreek en getref het, en arme ou Job in die toestand was wat hy was, hy, julle weet, het hy al sy beeste verloor, al sy skape, en die storms het gekom, sy kinders doodgemaak, vuur het sy diensknegte verbrand, en—en hy bro-... sy eie gesondheid het verswak, en hy het in die agterplaas op 'n ashoop gesit, en—en sy eie liggaam het vol swere geword, tot hy 'n potskerf geneem en sy swere gekrap het. En selfs sy vrou het moedeloos geraak met hom en gekom en gesê: "Job..."

62 Nou, laat—laat ons net soort van dink hoe sy gesê het. Nou, kyk daar sit Job, hy het heelnag daar gesit. Daar sit sy troosters met hulle rug op hom gedraai, en hulle het vir hom gesê hy het gesondig. Dis die kerklidmaat, dis die—die diakenraad, of wat dit ook al van die kerk is, wat soontoe gekom het om te sien. En hulle het sewe dae daar gesit, en nog vir hom gesê: "Job, jy kan net sowel bely, want jy het gesondig, want God sou nie toelaat dat 'n regverdige man so gepynig word nie."

63 Maar God laat wel 'n regverdige man so gepynig word. Sien, God, laat partymaal dat—dat goed met ons gebeur omdat ons gesondig het, maar partymaal toets dit—dit 'n gelowige, in plaas van om 'n sondaar te tugtig.

64 So, ons vind uit dat Job egter 'n regverdige man was, en God het hom getoets, want Satan het gesê: "O, sekerlik. . ." toe hy voor God verskyn het saam met die seuns van God. Hy het gesê. . .

Want God het vir hom gesê: "Waar was jy?"

Hy het gesê: "O, net heen-en-weer geloop, en op-en-af op die aarde."

65 Gesê: "Het jy my dienskneg Job gesien? Hy's 'n volmaakte man, daar's niemand op die aarde soos hy nie." Dit het God behaag. O, Hy hou net daarvan om 'n dienskneg te hê waarop Hy kan vertrou. Hy het gesê: "Daar is nie nog 'n mens op aarde soos hy nie." Sien? Gesê: "Hy is 'n volmaakte man." En dit was voor die Bloed van Jesus Christus gestort is. Sien? En Hy het gesê: "Hy's 'n volmaakte man, hy's regverdig, hy's opreg, daar is niemand soos hy nie."

66 Satan het gesê: "O, sekerlik, kyk wat U vir hom gedoen het: U het hom alles gegee, hy het huise, hy het kinders, hy het beeste, hy het alles wat hy wil hê. Sekerlik, enigiemand kan U so dien." Gesê: "Laat ek hom eenkeer kry, ek sal hom U in U gesig laat vloek."

67 Hy het gesê: "Satan, hy's in jou hand, maar moet jy nie sy lewe neem nie." Nou, dit was God se vertroue dat Sy profeet Hom nie sou faal nie. Sien? En Hy vertrou my en jou, dat ons Hom nie sal faal nie.

68 En toe het Hy, en Hy het gesê, Hy: "Jy moenie sy lewe neem nie." En Satan het alles gedoen *behalwe* om sy lewe te neem. Sy kinders is doodgemaak, en sy beeste doodgemaak, en alles was. . .al sy rykdom was weg, en hy het sy gesondheid verloor, en alles behalwe sy lewe, daarbuite gesit en sy swere gekrap.

69 En sy vrou het na die deur toe gekom, en—en Satan het in haar ingegaan en gesê: "Jy. . ." Daar uitgekyk, gesê: "Waarom vloek jy nie net vir God en sterf nie?" Gesê: "Jy lyk so ellendig."

70 Hy het gesê: "Jy praat soos die dwase vrou." Sien? Nou, hy het nooit gesê sy was dwaas nie, gesê sy het gepraat soos een. Sien? Gesê: "Jy praat soos 'n dwase vrou." Gesê: "Die Here het gegee, en die Here het geneem; geseënd sy die Naam van die Here." Sien? Met ander woorde: "Nakend het ek in die wêreld ingekom," het hy gesê: "nakend sal ek terugkeer; maar geseënd sy die Naam van die Here in elk geval. Ek het nooit niks gehad toe ek hiernatoe gekom het nie, en ek sal vertrek met niks; maar steeds geseënd sy die Naam van die Here." O, goeiste!

71 Julle weet, God sal Satan ons net *so lank* laat versoek, en dan word Hy moeg daarvoor, julle sien. So, hy het gesien hy ko-. . . Satan moes hom toe verlaat. Maar Bildad en almal van hulle het steeds daar gebly en gesê: "Wel, jy was 'n geheime sondaar."

Maar Job het hierby gebly: "Ek is nie 'n sondaar nie." Sien?

72 "Job, jy het . . . jy doen . . . jy wil dit nie bely nie," sien: "omdat jy 'n geheime sondaar is, jy doen dit in die geheim, en God straf jou daarvoor, so dis waarom dinge vir jou gaan soos dit is."

73 Maar hy het gesê: "Nee, Meneer, ek is nie 'n sondaar nie." Omdat hy gestaan het op daardie geregtigheid van God, daardie brandoffer, hy het dit geoffer. Dis al wat hy moes offer, dis al wat God vereis het.

74 En het julle opgelet, nadat die Gees van God op die profeet gekom en alles reggekom het, julle sien, het God wat vir Job teruggegee? Hy het aan hom teruggegee sy . . . waar hy tienduisend beeste gehad het, het Hy hom twintigduisend beeste gegee; waar hy veertigduisend skape gehad het, het Hy hom tagtigduisend skape gegee. Sien? En Hy het alles aan hom teruggegee wat hy ooit gehad het.

75 En julle let op, Dit het gesê: "En Hy het sy sewe kinders teruggegee." Sien? Hy het vir Job sy sewe kinders gegee. Nie, het hom nie sewe ander kinders gegee nie, maar Hy het vir Job sy sewe kinders gegee. Nou, wat was dit? Sy huisgenote: "Jy en jou huisgenote." Omdat hy regverdig was, omdat hy gestaan het op alles wat God ons gegee het om regverdig te wees, of, hom gegee het, was om daardie brandoffer te offer.

76 En hy het geweet dat Dit God se Woord was, en Dit nie kon faal nie. So, het julle ooit gedink waar daardie kinders was? Hulle het in die Hemel vir hom gewag. Sien? Hy's by hulle vandag. En God het Job se kinders gered, hulle het in die Hemel vir hom gewag. Sien?

77 Nou, as Job gedoen het presies wat God vir hom gesê het om te doen, die enigste ding wat regverdig was, om 'n brandoffer te offer, dit regverdig was, en Hy Job en sy huisgenote gered het, wat is dan regverdig voor God? "Glo in die Here Jesus Christus, en jy, en jou huisgenote sal gered word."

78 So, as ek glo vir my huisgenote en jy glo vir jou huisgenote, deur dit te glo, dat ons God vertrou, reken God ons eie geloof tot, soos Hy het vir Abraham, of Job, of enige van hulle tot geregtigheid, julle sien. So dit is ons tot geregtigheid gereken, en dis hoe dat "Jy, en jou huisgenote gered sal word."

79 O, ek dink dis 'n wonderlike ding. So dan, nie net dit nie, maar ek vertrou vir elke broer, al my broers, my suster, ek vertrou nie net daarvoor nie, maar ek vertrou vir elke persoon wat in my kerk is, ek vertrou vir julle almal, ek wil hê julle moet vir my vertrou, as gevolg van die geregtigheid van geloof. Ons hoef nie 'n brandoffer te maak nie, Christus is ons Offer. Maar ons moet geloof hê in daardie offerande wat Christus gemaak het, dat Hy ons so 'n—'n belofte gemaak het, dat "Wat julle ook al die Vader in My Naam vra, Ek dit sal doen. Wanneer julle bid, glo dat julle ontvang waarvoor julle gevra het, en julle sal dit kry."

80 Nou, as ek bid dat God hierdie tienerkinders sal red, en ek glo met my hele hart Hy sal dit doen, sien dis dieselfde manier hoe Job gestaan het. Sê: "O, kyk na *hierdie* kind, wat hy doen." Ek gee nie om wat hy doen of wat sy doen nie, ek het steeds daardie kind in die hand van Almagtige God geplaas en my: "ek, en my huisgenote sal gered word." Sien? Want ek . . .

81 Selfs al mag ek sterf voor hulle, maar op een of ander manier, voor hulle hier weggaan, sal God hulle regdraai, onder op die spoor, ek—ek glo dit, op *een of ander manier* sal Hy dit so ellendig maak vir hulle, dat hulle dit moet doen. Sien?

En dis hoe ek glo, dis: "Jy, en jou huisgenote sal gered word."

82 Ek het baie gesien wat . . . Ek het dit in my dienste dopgehou. Baiekeer, sal 'n ou kêrel daar opkom wat rof was sy hele lewe lank, hy, op sy knieë val en begin huil, opstaan, sê: "Wel, ek het 'n dierbare ou moeder gehad, o, as sy in die Hemel is vanaand, weet ek sy kyk af, en sy is bly om my by hierdie altaar te sien."

83 Sien? Wat dit is, daardie ou moeder het gebid en geglo. Sien, sy het lank gelede gesterf, maar hier is daardie gebede, want die geregtigheid, sien: "Jy, en jou huisgenote sal gered word." God weet hoe om te werk, Hy weet hoe om te doen, Hy weet hoe om alles net reg te doen.

84 Soos ek nou die dag gesê het, wanneer ons gebore word uit die Gees van God, God is nie swak op een plek en sterk op 'n ander nie, as jy 'n klein skaduwee van God in jou het, net die kleinste deeltjie van God, dan het jy alle krag, jy het genoeg krag in jou om 'n wêreld te maak en uit te gaan en daarin te lewe. Maar, natuurlik, word daardie krag beheer deur geloof, as dit nie so was nie, sou ons almal vir ons 'n wêreld daarbuite gekry het, daarin gelewe het. Maar as jy 'n seun van God is, of 'n dogter van God, het jy die krag van God in jou. Sien? So dan, julle . . . Daardie wet verbind daardie geloof aan 'n *sekere* ding.

85 Nou, laat ons byvoorbeeld neem, almal van ons, ons sou sê: ons het eers gelieg, ons sou steel, ons sou—ons sou vloek, en lelik praat, en alles doen wat verkeerd is. Wel, eendag toe ons Christus aanvaar het, wat het Hy gedoen? Hy het oopgemaak, sodra ons Hom aanvaar het; dis deur geloof, net soos Paulus vir die Romein gesê het om te hê, te glo, net presies wat Job gedoen het, te glo. Sien? En sodra ons Christus as ons Verlosser aanvaar het, het ons dadelik genoeg geloof ontvang, dat ons weggestap het, nie meer gelieg het, nie meer gesteel het, nie meer bedrieg het nie. Sien? Nee. Hoekom? Ons het reg bokant daardie sonde beweeg waarin ons altyd beweeg het; ons—ons is soveel geloof daardeur gegee. Hoekom? Omdat ons glo dat ons gered is. Is dit reg? Ons glo hier dat ons gered is, so dan beweeg ons bokant dit, omdat ons glo ons is gered.

86 Nou, luister hierna net voor ek by die vrae kom. Sien? Broer, suster, ek gaan vir julle 'n klein geheimpie van myself gee. Sien?

Ek reken julle het dikwels gewonder hoe ek daardie visioene en dinge sien, wat dit maak. Dis omdat toe hy my daardie aand ontmoet het, en vir my gesê het dat, sien, dat dit sou gebeur, ek dit glo, ek dit regtig glo.

87 En ek ingaan om vir die siekes te bid, as ek ooit ’n gevoel kan kry dat iets gereed is om te gebeur, hulle op die punt is om gesond te word, so altyd, net omtrent reg. En dis hoe ons moet maak met ons familie, met enigiets waarvoor ons vra, ons moet bid, en God respekteer geloof, julle sien, om dit te glo, ons moet glo dat dit reg is.

88 Nou, met daardie klein bietjie van God, toe jy gesê het: “Ja, Here Jesus, ek’s ’n sondaar, ek’s nie U liefde waardig nie, maar U het my liefgehad so ek aanvaar U as my Verlosser.” Onmiddellik, loop jy reguit daaruit, en wat is dit? Jy hou op lieg, jy hou op bedrieg, jy hou op steel, jy hou op dinge doen wat jy nie behoort te doen nie. Hoekom? Omdat jy glo dat jy ’n Christen is, en omdat jy glo jy is ’n Christen, staan jy op daaruit, is jy op ’n ander vlak. Nou, sien?

89 Nou, as jy siek is, hier is genesing, glo jy dit net. Nou, jy kan jouself dit nie laat glo nie, dit moet iets wees wat met jou gebeur, net soos jou bekering, dit moet gebeur.

90 Ek het my vrou vertel nou die dag hoe lief ek haar het. So, ek reken nie sy wil hê ek moet hieroor praat nie, maar ek doen dit in privaatheid, so ek reken ek kan dit nou in die openbaar doen. Ek het haar vertel hoe lief ek haar het, en hoe ek haar altyd liefgehad het heel van die begin af, ek het gesê: “Dit maak geen verskil . . . ”

Sy het gesê: “O, Bill.” Sy het gesê hoe, gepraat van hoe vet sy geword het, haar hare wat grys word.

91 Ek het gesê: “Skat, jy kan *so* breed wees en geen hare nie, sal ek jou steeds net so liefhê.” Sien? Want dit moet iets daar wees wat jy moet, moet, wat jy moet ondervind, dat jy iemand liefhet.

92 En tensy daardie persoon daardie ander persoon liefhet . . . Hierdie is vir julle jong meisies wat nie getroud is nie, sien, en julle seuns. Wanneer jy daardie meisie ontmoet vir wie jy lief is, en daar is net iets wat jy weet jy het haar lief, en dis net al wat is, of jy het hom lief en daardie, jy gee nie om of hy aantreklik is, of hy nie aantreklik is, òf of sy mooi is of nie mooi nie, dit maak nie saak nie, maar jy het hulle net so lief, nou, jy beter versigtig wees, soort van daar naby bly, want dis, jy is na aan die kol daar.

93 En ek . . . dit . . . ’n—’n Huwelik wat nie daarop gebaseer is nie, sal beslis val, of dit sal nooit suksesvol wees nie, dit sal nooit gelukkig wees nie. Nou, ek het dit gesê om by een ding uit te kom wat ek wil sê: Vriende, ’n bekering, wat nie dieselfde is nie, sal ook nie hou nie, dit sal nie. Wanneer jy kerk toe gaan, en—en jy sê: “Wel, ek gaan by die kerk aansluit, en ek gaan gedoop word.” As dit nie kom uit ’n hart van liefde vir God daar oorkant

nie, sal dit nooit nêrens heen gaan nie, jy sal net, al wat jy sal doen, is by die kerk aansluit en gedoop word.

94 Maar wanneer jy bekeer is tot Christus, 'n liefde vir Christus, dan kry jy 'n geloof in Christus, soos jy sou vir jou vrou, of vir jou man het, jy kry 'n geloof dat jy in daardie geloof wandel, ek weet nie, jy net, iets omtrent jou, jy het net iets wat jou daar anker, jy sien.

95 Wel, dis net soos dit is met Christus, en wat Christus sê, jy glo dit, en jy bly net reg daarby. En dis hoe, dit lig jou net op bokant dit, en God laat dit gebeur en vervul Sy belofte, "As jy in die Here Jesus Christus glo, sal jy, en jou huisgenote gered word."

96 So nou, ek het net gedink ek sou dit sê, en ek—ek het klaar te veel van die tyd daarvan in beslag geneem, dertig minute om dit te sê. Maar julle weet wat ek nou bedoel, dis wat dit is.

97 As jy kan glo in die Here Jesus Christus, nie net vir verlossing vir jouself nie, vir jou geliefdes, vir die genesing van die kind, of vir 'n moeder, of vir enigiets wat jy wil hê wat reg is, en jy weet as jy iets begeer het wat nie reg was nie, jy—jy nie genoeg geloof sou hê om God in die eerste plek te vra nie, want jy weet dit is nie reg nie, sien, as jy opreg is en weet dat dit reg is, dan kan jy God vra met 'n rein hart, in die wete dis geen selfsugtige motief nie, en jou doelwit en jou motief is presies reg, vra dan vir God, en glo soos 'n kind, jy kry dit, en jy kry dit. Nou, ek weet dit.

98 Nou, ek het na Christus toe gekom toe ek omtrent die ouderdom van een van hierdie seuns *hier* was, reken ek, ek was omtrent twintig jaar oud, en ek—ek het Hom al hierdie tyd gedien, en ek's twee-en-vyftig, sal drie-en-vyftig wees, my verjaarsdag, en ek kan eerlik sê dat ek Christus nog nooit, opreg, vir enigiets gevra het, dit is, dis, nou, wat Hom regtig opreg gevra het, enigiets wat vir reg was, wat Hy dit nie vir my gegee het, of vir my gesê het waarom Hy dit nie kon doen nie; en toe later, het ek uitgevind dis 'n goeie ding dat ek dit nie gekry het nie, sien.

99 Maar onthou net, wanneer jy in Hom glo, geloof in Hom het, en Hom vertrou, moenie—moenie jouself probeer druk om dit te doen nie, bly net by Hom en dink daaroor.

100 Soos as jy. . .as ek na Broer Welch toe kom, hier, om 'n—'n duisend dollar te leen, ek reken ek kon dit nie kry nie, want hy mag dit nie hê nie, maar as hy dit gehad het, en, sou ek—ek dit kon kry. Nou, ek sou kom en probeer om die saak te bespreek, ek sou kom sê: "Welch, gee my 'n duisend." Dit is nie die manier om dit te doen nie. Dis nie die manier om vir God te vra nie. Ek sou kom, ek sou vir Broer Welch sê, ek sou sê: "Kan ek 'n paar oomblikke met jou praat, Broer Welch?"

"Sekerlik, Broer Branham."

101 Sou eenkant gaan en gaan sit, ek sou sê: “Broer Welch, die eerste ding, wil ek jou vra: Het jy ’n duisend dollar wat jy vir my in die hande kan kry?”

Wel, hy, as hy. . .ons—ons vriende is, of hy sou my vra, of ek vir hom, of een van julle broers, sou dit dieselfde wees, ons sou sê: “Ja.”

102 “Nou, hier is hoekom, wat ek wil hê,” ek sou dit verduidelik en hom wys: ek sê: “Broer Welch, ek’s hier oorkant in ’n diens, ek’s net in die moeilikheid, ek—ek moet die dorp verlaat, en ek skuld ’n duisend dollar, ek—ek moet net die geld iewers kry, die Here dit op my hart geplaas om na jou toe te kom.” En ek sal vir jou verduidelik. “Nou—nou, van ’n ander diens wat ek by ’n *sekere* plek gehad het, het ek ’n duisend dollar wat inkom, wat omtrent drie maande van nou af sal wees, ek kan jou betaal, ek sal jou rente daarop betaal, as jy dit wil hê.”

103 En dit net alles bespreek en dit vir hom verduidelik, waarom. “Ek wil nie daardie dorp so verlaat nie, dis ’n klad op my naam as ek dit doen, en dan gaan hulle sê: ‘Hy’s niks anders as ’n bedrieër en ’n *dief* nie, en—en die dorp verlaat en skuld nog geld.’” Sien wat ek bedoel? Ek sou dit vir jou verduidelik, gaan sit soos ’n broer en daaroor praat met jou.

104 Wel, ek glo as ek dit sou doen, en—en omdat jy van my hou, jy enigiets sou doen, jy ’n outomobiel sou verpand of iets uit die huis verkoop om die geld te kry. Nou sien, julle sou dit doen, enige van julle sou, en ek sou vir julle.

105 Maar dit sou, die—die regte ding wees om te doen, is om te kom sit en daaroor te praat met mekaar, julle te laat—laat weet, julle sien, ons gevoelens uitspreek teenoor mekaar: “Jy’s my vriend, dis waarom ek na jou toe gekom het.”

106 Nou, dis net soos dit is met Christus, sê: “U is my Here, ek—ek’s—ek’s siek. Ek. . .die—die dokter sê hy kan niks vir my doen nie, maar—maar ek weet U kan, want U is my Here.” En—en dit net—net uitpraat met Hom totdat jy dan voel dat—dat—dat jy dit ontvang, en dis jou geloof: “Geloof is die vaste vertroue van die dinge waarop gehoop word, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie.”

107 En ek, wanneer ek so voel, is dit net so goed as wat ek dit het, sekerlik, ek gaan net voort, want ek het dit, sien, ek het klaar, nou, Hy het my klaar belowe dat ek dit het, so dit—dit handel dit af, en ek bly net vertrou, wag, uiteindelik, voor jy jou kom kry, hier kom dit afgestort uit die gange van die Hemel, en jy—jy het dit.

108 Maar dis wat dit is, julle sien: “Jy, en jou huisgenote sal gered word.” En as jy hulle nie almal gered sien word voor jy die aarde verlaat nie, sal jy. . .sal hulle daar wees wanneer jy kom. . .tyd, wanneer die groot Koms kom, sal dit daar wees.

109 Nou, verstaan julle wat ek bedoel? Sien? Dis deur geloof wat ons alles doen, glo in die Here. Glo in die Here vir ’n werk, glo in die Here om te soek na die. . . vir jou die vrou te gee wat jy behoort te hê, glo in die Here om vir jou die man te gee met wie jy moet trou, glo in die Here om vir jou nuwe meubels te stuur, of as die—as die vaatjie leeg raak en die kruik opdroog, en daar’s geen kos nie, en die kinders honger is, glo in die Here. Glo in die Here vir enigiets, sien, solank dit reg is, glo net in die Here en “jy sal,” sien, dit sal kom. Ek het dit nog nooit in my hele lewe sien faal nie. God seën julle.

110 Wat as julle ’n paar van daardie vrae vir my lees? Kan julle hulle vir my lees? Ek—ek hoop ek kry hierdie reg. Ek wil julle nou nie te lank hou nie, omtrent, miskien omtrent tien minute, en—en—en hom, vir Jimmy, ’n bietjie tyd gee om hulle daar oorkant te bestudeer, om te sien of. . . En hulle gaan wees, my reguit vra, reguit, en so, as ek hulle nie kan beantwoord nie, wel, sal julle verstaan.

111 Maar julle verstaan nou wat ek bedoel, om te glo? “Glo in die Here Jesus Christus, en jy, en jou huisgenote sal gered word.” Glo vir jouself, en glo vir jou huisgenote, en jy sal dit kry. Sê: “Wel, die dokter het gesê ek kan nie gesond word nie.” Wel, as jy in die Here kan glo, kan jy gesond word. “Wel, ek is sonder werk.” Maar as jy in die Here sal glo, sien, en jy sal werk kry. En: “Ek—ek weet nie wat om te doen aan *hierdie* situasie nie.” Glo in die Here.

112 Kyk waar sit dit met my net nou, en vrou daar, ek het altyd gedink die Here wou hê ek moet Jeffersonville verlaat. Nou, dit het ’n punt bereik, dat ek net myself aan Hom moes toevertrou, so hier is ek, Hy weet waar ek net hier is, vanaand, so, en oral waar Hy wil hê ek moet gaan, sal ek gaan, en wat Hy wil hê ek moet doen, dit sal ek doen, en ek sal net daar wees totdat Hy vir my sê, julle sien.

113 Goed, Jimmy, het jy hulle, my seun?

[Broer Jimmy Evans lees die vrae vir Broer Branham—Red.]

[**Wanneer die Wegraping plaasvind, sal alle gelowiges se families, vrou en kinders gaan? Hulle is in geloof en vertrou op Jesus Christus as Here.**]

114 Ja, ja. **Sal die hele familie in die—in die Wegraping gaan?** Sien, ja. Sien? Nou, as julle oplet, die Wegraping gaan ’n universele ding wees. En, het julle almal daardie les reg gekry Sondag? Julle verstaan dit almal goed, omtrent hoe naby ons is aan daardie tyd, *Die Sewentig Weke Van Daniël*?

115 Julle was almal Sondag daar, was julle nie? Ja. Goed. Wel, ek dink, Broer Welch, jy het die bandopname daarvan, en party van julle kan dit speel. En—en jy het die kaart daarvan, glo ek, het jy nie? En teken jy dit net, en—en, vir hulle wat nie hier was nie, verduidelik dit miskien vir hulle, jy sien, sodat hulle—hulle dit

kan kry. Ek wil hê julle moet sien net deur die Skrifte dat ek nie een woord het om daaroor te sê nie, die Skrifte bewys dit net, dat ons—ons by die eindtyd is.

116 Nou, ons het vandag gepraat, die broers. Julle sê: "Wel, Broer Branham, as jy glo dat die Wegraping so naby is, waarom gaan jy dan visvang?" As ek my gedagtes die heeltyd daarop plaas, sou dit jou amper mal maak, wanneer jy dink aan die tiene van duisende mense hierbuite in sonde wat Christus nie ken nie, en ek dink dat "Hier is ek, wat kan ek doen?"

117 Maar hier is wat ek dink: ek kan nie een red tensy God hulle geroep het nie. Sien? Ek kan dit nie doen nie, en ek kon hulle in elk geval nie red nie. Maar: "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." So as Hy my nie sê waarheen om te gaan nie, wat kan ek dan doen? Sien julle?

118 So, die ding wat ek doen, is net om nie te—nie bekommerd te raak daaroor nie, dit sou erger as ooit wees, ek's gelukkig daarmee, ek's net—net opgepak en gereed, julle weet, "Wanneer Dit kom, Here, hier is ek." Ek wag net.

119 En nou, hier's wat gebeur: Die—die weggeraapte gelowiges, soos julle opgelet het op die kaart Sondag. . . Nou, die vroeë Pinksterbroers, of, die latere Pinksterbroers gee dit nie, daardie vorige kerke genoeg ruimte daar, glo ek nie. Maar ek glo dat elke wedergebore Christen. . . En hoe word ons wedergebore? Wanneer ons glo aan die Here Jesus Christus, sien, en aanvaar. . . Nou, ek glo nie net omdat jy in jou gedagte sê, jy glo, ek glo jou lewe sê of jy regtig 'n Christen is of nie. Ek. . . Julle sê: "Wat. . . "

120 Vandag, het die dame daaronder, *iets* gesê oor 'n—'n Christen of *iets*, en sy het gesê: "En watter denominasie?" Sien, sommer gou wil hulle weet watter denominasie.

Ek het gesê: "Behoort nie aan enige denominasie nie, net 'n Christen." Sien?

121 'n Christen, jy sê: "Wel, 'n *Christen* beteken 'n 'Kampbelliet.'" Nee, dis—dis. . . hulle noem hulle net: "Christen," maar dit beteken nie "Christen" nie. Ek ken baie mense wat ek sou dink behoort aan wat die Christenkerk genoem word, wat nie Christene was nie. En die Christenpredikers sal julle dieselfde ding vertel van die Christen Kerk, dat hulle baie lidmate het wat nie Christene is nie.

122 Maar *Christen* is nie 'n kerk waaraan jy behoort nie, dis 'n ondervinding wat jy gehad het om gebore te word in die familie van God.

123 Nou, let daarop, die Wegraping sal universeel wees, want Hy het gesê: "Daar sal twee in die veld wees, en Ek sal een neem en een agterlaat. Daar sal twee in die bed wees, Ek sal een neem en een agterlaat." Julle sien, wanneer dit donker is aan een kant van die aarde, waar dit twee in die bed is, sal dit oestyd wees aan die

ander kant van die aarde wanneer daar twee in die veld sal wees. Sien? En dit wys dit sal een yslike groot Wegraping kom, dit sal reguit uit die wêreld uitkom. Sien? "Twee in die veld, en Ek sal een neem, een agterlaat. Twee in die bed, Ek sal een neem en een agterlaat."

124 Nou, ons—ons sien dat...En dan is elkeen wat in die Boek geskryf is, verlos in daardie Dag daarvan, voor daardie verdrukking. So, as jou kinders, jou moeder, jou geliefdes, wie hulle ook al is, as hulle naam geskryf is op die Lam se Boek van die Lewe, my kosbare kinders, sal julle net daar wees.

125 Maak nie saak waar ons is nie, as—as ek, oorsee vlieg, en die—die vliegtuig ontplof in die lug en ek, jy vind nooit eens 'n stukkie van my in hierdie liggaam nie, dit sal nie een ding daarmee te doen hê nie. Sien? Ek sal net in elk geval daar wees. Moet julle nie daaroor bekommer nie, ek sal net daar wees om julle hand te skud en—en die Here saam met julle te prys, Hom Koning van die koning en Here van die here te kroon. Sien?

126 Ek veronderstel miskien, van Paulus se liggaam, is daar skaars 'n stukkie stof oor, maar al die materiaal wat sy liggaam gemaak het, is iewers, so hulle sal bymekaar gemaak word op daardie dag.

127 Wanneer jy sterf, sterf jy eintlik nie, 'n Christen kan nie sterf nie, daar is nie so-iets soos dood vir 'n Christen nie, nie in die Bybel nie.

128 Soos toe Lasarus, Hy gesê het...hulle gesê het..."Ons—ons vriend Lásarus slaap," het Jesus gesê. Sien, Hy het nooit gesê hy was dood nie, gesê: "Hy slaap net."

Hulle het gesê: "O wel, as hy slaap, veronderstel ek—ek dat dit dan goed gaan met hom, hy, moet beter gaan met hom."

129 So Hy moes hulle taal praat, Hy het gesê, nou, met ander woorde: "In julle eie taal, is hy dood. En Ek is bly om julle ontwil," dat Hy nie daar was nie: "Ek sal gaan, en hom gaan wakker maak." Sien? O, ja. Sien? Slaap, sien Hy het steeds Sy Eie gehad, sien, "Om julle ontwil, soos julle dit ken, is hy dood, maar vir My, is hy aan die slaap, en Ek gaan nie—Ek gaan hom nie opwek nie, Ek gaan hom net wakker maak." Sien? "Ek gaan hom wakker maak."

130 En so, julle—julle let op toe Jesus, Self, gesterf het...Sien, daar's drie dele van die liggaam, uh, so, uh, vir drie dele van ons, siel, liggaam, en gees, soos julle die *Sewe Kerkeeue* gesien het, ek dit geteken het; vyf ingange in die liggaam, sien, proe, voel, ruik en hoor; en gewete, ensovoorts, tot die siel; en—en dan na die gees, is daar een pad, dis jou eie vrye morele keuse, dis "'n besluit te maak," jy sien, jy kan dit weier of—of jy kan dit aanvaar.

131 En so nou, wanneer 'n persoon Christus aanvaar en gered word, jou hele huisgesin, julle hele familie, elke familie van die aarde sal gered word, nou, wanneer, of, ingaan.

132 Toe Christus gesterf het, het Hy Sy Gees aan God oorgegee voor Hy die—die kruis verlaat het, Hy het gesê: "In U hande gee Ek My Gees oor." En die Bybel het gesê Sy Siel het hel toe gegaan en gepreek, dis Sy gewete en Wat Hy was, vir die geeste was in die gevangenis was en Sy liggaam het in die graf ingegaan.

133 Nou, sien, Hy was agter 'n versperring van Skrifte, Hy kon nie opstaan vir drie dae nie. En Sy Gees was *hier* agter bo in die Teenwoordigheid van God. Nou, na drie dae, is daardie Versperring verwyder, omdat die Skrif vervul was, en Sy Gees het na die Siel gegaan, en die Siel het na die liggaam gegaan, Hy het opgestaan. Hy het gesê voor Hy gesterf het, het Hy gesê: "Ek het mag om My lewe neer te lê, Ek het mag om dit weer op te neem."

134 Nou dink daaraan, elkeen van julle hierbinne, sover ek weet, vanaand, is Christene, nou kyk, die Ding wat nou in jou is, die Gees wat nou in jou is, is dieselfde Gees wat jou sal opwek. Jy het krag om jou lewe neer te lê, jy doen dit net nou vir Christus, en dan het jy krag om dit weer op te neem. Sien? Jy het krag om dit neer te lê, en krag, dit op te neem, want Dit is die einste Gees van God wat in jou is wat jou opwek, wat die einste Gees van God is wat in Christus was wat Hom opgewek het. So jy het krag om dit neer te lê, jy het krag om dit op te neem.

135 En wanneer jy sterf, of, en jy, ons geliefdes, of iemand gaan heen voor ons, is hulle nie dood nie, hulle gees is by God, hulle siel is onder die altaar van God, hulle liggaam is in die graf, en hulle weet net waar dit is.

136 So, wat gebeur? Wanneer die Skrif heeltemal vervul is, soos in die Bybel dit gesê het: "Hierdie siele wat onder die altaar is, het uitgeroep: 'Here, hoe lank, hoe lank?" Hulle wil terugkom aarde toe en in liggame wees. Hy het gesê: "Net 'n bietjie langer nog, totdat julle medediensknegte gely het soos julle het vir die getuienis van Christus."

137 Dan sien julle wanneer daardie Skrif vervul is, dan daal daardie geeste net neer, reg onder die altaar daar en neem daardie siel op, daardie siel gaan reguit af en tel die liggaam op, en daar het jy dit, weer opgewek. Dink daaraan, die Heilige Gees wat reg in hierdie gebou is vanaand, die Heilige Gees wat net *hier* in my hart is, sal my opwek in die laaste dag.

138 Hierdie Heilige Gees wat nou in my is, sal sorg dat ek 'n jong, onsterflike liggaam het en nooit gaan. . . Die Heilige Gees wat in jou is, sal sorg dat die grys hare sal vervaag en wat dit ook al is. En jy, en die ouderdom, as jy *so* oud is, en baarde, en loop soos *dit*, dit maak glad nie een verskil nie, daardie selfde Heilige Gees

in jou sal jou net reguit laat terugkom op daardie Dag, net na 'n jong man en vrou; dis die Bybel. Dis reg.

139 Die Gees wat net nou in ons is, net nou, nie Een wat *sal* kom nie, die Een wat *nou* in ons is. Dis God nou in jou. En Hy sal opwek. . .Jy kan jouself opwek. En hoekom kan jy dit nie nou doen nie? Want, sien, daar is Skrif wat keer, jy moet wag tot die Wegraping.

140 Sien, daar het julle dit, julle moet net daar bly. Sien? Jy word nie toegelaat om *so* hoog te gaan nie, as dit sou wees, wel, sou ons, ek het gesê, sou ons vir ons 'n klein privaat wêreldjie bou, sou jy oorkant op een wêreld lewe, en ek op 'n ander een, en dan sou daar geen Koms van die Here Jesus wees nie. En wat sou dit wees? Sien?

141 Maar jy het krag om dit te doen. Net die geringste klein skaduwee van—van God kan enigiets doen, want sien, Hy—Hy is almagtig. Weet julle wat *almagtig*. . .? Hy is oneindig, oneindig, oneindig en almagtig. Dis *oneindig*, daar's net geen, wel, jy—jy—jy kan dit net nie verduidelik nie, julle weet. *Oneindig*, is net soos op 'n kamera, oneindig, dis net van *daar* af. En dan is *almagtig* "met alle mag." Hy is altyd-. . .

142 Daar oorkant gestaan, en deur 'n teleskoop gekyk, en ek kon 'n honderd-en-twintigmiljoen jaar van ligruimte sien, toe daardie—toe daardie sterrekundige my opgeneem het om te kyk, my deur daardie groot teleskoop laat kyk het daardie aand, 'n honderd-en-twintigmiljoen jaar van ligruimte kon sien.

143 Wel, julle wat praat van Jupiter en Mars en hierdie sterre wat julle nou sien, wel goeiste, dink wat 'n honderd-en. . . Lig beweeg omtrent, wat is dit? Tagtig. . .? 'n Honderd, ses-en-tagtigduisend myl per sekonde, 'n honderd ses-en-tagtigduisend myl per sekonde, en 'n honderd-en-twintigmiljoen jaar neem. Sjoe! Met een sekonde, 'n honderd ses-en-tagtigduisend, en breek dit af na 'n honderd-en-twintigmiljoen jaar. Wat het jy dan? Dis myle. O, goeiste! Dit laat ons net voel asof jy—jy net. . . Sien?

144 Maar nou, en dan anderkant dit, is daar net soveel maan en sterre as wat daar was. . .En Hy hou hulle daar met die krag van Sy Eie Woord. En daardie einste Ding wat hulle daar hou, is in jou as 'n Christen. O, goeiste! Sien, sien, daar het julle dit. So daar, dit is wie julle is.

145 Sien, mense probeer dink: "Wel, ek's 'n Christen, ek reken ek sal vervolg moet word." Nee, jy hoef nie. Jy's 'n Christen, broer! Dis die hoog-. . .Jy's 'n seun van God. Ons Vader is Koning, sekerlik. Amen. En ons Vader, as Koning, ons is—ons is Sy seuns, ons is prins en prinses, amen, van 'n Koning. Sien? Die hoogste wat daar is, hoogste wat kan wees, die einste Gees van ons God is in ons. Dis reg.

146 So, wat gee ons om oor wat hier gebeur? Sien, Daar is die Plek wat tel, hierdie is net 'n toetstyd, wanneer Vader klaar is, laat ons gaan, laat ons Huis toe gaan. Sien? So, watter verskil maak dit?

147 So dan daaroor, glo in die Here Jesus Christus, as jou kinders nie gered is nie, totdat hulle gered word. En Jesus het gesê, nou, onthou, Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie."

148 Dan as hy nie in die Oordeel kom nie, waarnatoe gaan hy? In die Wegraping. Sien? Want dis die Oordeel na die Wegraping. Sien? "Sal nie in die Oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Omdat hy geglo het aan die Here Jesus Christus. Is dit nie wonderlik nie? So hulle, jou kinders sal daar wees saam met jou, jou geliefdes sal daar wees saam met jou, en ek hoop ek is daar saam met julle. Amen.

149 Goed, het jy nog een daar, Jimmy Boy?

[**Ons verstaan die wêreld is deur geloof gemaak. Sal jy asseblief 'n bietjie verduidelik oor geloof?**]

150 'n Wêreld is gevorm. Nou, oorkant in Hebreërs vind ons uit dat, verstaan ons dat die wêreld gemaak is deur—deur dinge wat nie sigbaar is nie.

151 Nou, ek sal—ek sal probeer om op te skud, want ek het nie al daardie kleintjies opgelet, al daardie vrae daar nie. Nou, laat ons net neem, teruggaan op 'n klein reisie. En—en dis al tienuur, en ek het vir Mamma gesê ek sou gereed wees om teen tienuur te gaan. Is julle—is julle te vaak om net vir 'n minuut te wag, of, te moeg? Sien?

152 Wel, kyk, voor daar enigiets was, laat ons sien, voor daar 'n lig was, voor daar 'n wêreld was, voor daar 'n ster was, voor daar 'n atoom was, voor daar 'n molekule was, was daar God. Wie is hierdie Persoon, God? Is Hy lug, is Hy lig, is Hy . . .? Hy is God, dis net al wat jy kan sê. Sien?

153 Dink net, 'n molekule, daar's in een klein atoom, is daar *soveel* molekules. Sien? En dan anderkant die molekule, voor daar selfs een van hulle was, was daar steeds God. Hy was alles, het alles gevul. Sien?

154 Nou, in hierdie God, nou, ons gaan—ons gaan Hom 'n klein —'n klein Vormpie maak sodat julle kan sien, nou, binne-in hierdie—hierdie Persoon God, binne-in—in hierdie Persoon was 'n, was daar eienskappe, en daardie eienskappe was om Vader te wees, was om Geneser te wees, was om 'n Verlosser te wees; dis wat in hierdie groot Persoon was, nou, Dit was voor 'n molekule of enigiets, toe daar geen molekules was nie, maar daar steeds God was.

155 Nou, daarin was eienskappe om Vader te wees, om 'n Seun te wees, om 'n Verlosser te wees, om 'n Geneser te wees, om al daardie dinge te wees. Nou, hierdie Persoon wat hierdie het... Nou, as hierdie Persoon, God...

156 Nou, wat Hy gedoen het, die eerste ding, laat ons sê Hy het gemaak, sover ons weet, die kleinste wat ons kan afbreek, was 'n molekule. En nadat Hy 'n molekule gemaak het, het Hy 'n honderd biljoen van hulle gemaak binne 'n sekonde. Net, wat het Hy gedoen? Hy het dit in ontstaan gespreek. En nou, julle... Hier sou 'n goeie les net hier wees, as ons net tyd gehad het om daarop in te gaan. Sien?

157 Nou, Hy het dit gespreek, en toe Hy gesê het, het molekules begin draai. Toe het Hy gesê: "Laat daar atome wees." En daar is atoomwette, en hulle bly steeds binne daardie wet, hulle volg steeds, alles volg God se wette.

158 Soos die man waarvan ek julle vertel het, die ou kêrel na wie toe ek en Broer Banks Wood gegaan het, julle weet, om hom te sien. Hy het gepraat van die... "Hoe...?" Ek het hom gevra, hy was 'n ongelowige, en ek het hom gevra: "Hoe gaan daardie sap uit daardie boom uit in Augustus, en gaan af na die wortels toe? Wat laat dit dit doen?" Hy... "Wat laat die blare bruin word?"

Hy het gesê: "Want die sap..." het hy gesê.

"Waarom—waarom gaan die sap ondertoe?"

Hy het gesê: "Wel, dis net, dit gaan ondertoe."

Ek het gesê: "Wat as dit nie ondertoe gaan nie?"

Gesê: "Die boom sal sterf."

159 Ek het gesê: "Wel, watter Intelligensie laat daardie sap afgaan in die wortels? Sit 'n emmer water op die paal en kyk of dit sal ondertoe gaan in Augustus." Sien? Ek het gesê: "Watter Intelligensie laat daardie sap uit die boom uitgaan en na die wortels toe? Iets sê vir dit om ondertoe te gaan daaronder, of dit sal vries en sterf, daardie boom sal sterf." Sien? "En ons het nog geen koue weer of niks gehad nie. Maar dit..."

Hy het gesê: "Wel, dis—dis net die natuur."

"Wel—wel, wat is die natuur? Sê vir my wat die natuur is." Sien? Die natuur is 'n wet van God, ja, dis 'n wet van God.

160 Nou, geloof is 'n wet van God, sien, dieselfde ding. Al hierdie krag van God waarvan ons praat, is toeganklik vir ons deur geloof, "Alle dinge is moontlik. Sê vir hierdie berg, word verskuif, en moenie in jou hart twyfel nie. Glo wat jy gesê het, sal gebeur, kan jy dit kry." Toeganklik, as jy die wet het, daar is dit, sien, die wet is geloof wat alle dinge beheer.

161 Nou, God het deur Sy wet, molekules gemaak, dis 'n wet van God, toe het God atome gemaak, toe daaruit, het God 'n son gemaak, daaruit, uit die son sterre gemaak, uit die ster...(Dis

klein stukkies van die son wat afvlieg.) Wat het Hy gehad? Daar ver terug is Sy eienskappe wat hulleself vertoon.

162 Toe het daar 'n wêreld gekom, en na die wêreld het 'n skepping gekom, en na die skepping, het 'n wet van skepping gekom. Na daar 'n wêreld was . . . Wat maak hierdie wêreld? Hoe kan enigiemand dit verduidelik? Draai 'n bal op enige manier wat jy wil, gooi dit in die lug, dit sal nie twee draaie maak nie, en dit 'n biljoen draaie-per-sekonde laat maak, sal dit nie twee draaie op dieselfde plek maak nie, en tog, ons het rekord van sesduisend jaar, hierdie wêreld het nog nooit 'n tyd gemis nie, draai vier-en-twintig uur net presies, terwyl dit in nêrens staan nie. Sien?

163 Wat is dit? Hierdie groot Persoon, voor daar 'n wêreld was . . . Voor daar 'n wêreld was, dis daardie groot Persoon daarbinne, 'n wet van God wat dit laat draai. Dieselfde wet van God, Hy het dit net in ontstaan gespreek, Hy is 'n Skepper, Hy skep. Sien? En dis waarom die wêreld gemaak is sonder . . . Deur geloof, het God die wêreld gemaak, want Sy Eie geloof, sien, het die wêreld gemaak. En dis hoe . . .

164 Nou, Hy, of, sien, Hy het afgekom om die mens en al die diere te maak, totdat Hy afgekom het by sonde, maar Hy kon nie sonde maak nie, want Hy kan nie regverdig wees en die Vader van geregtigheid, en sonde maak nie. So, weet julle wat het Hy gedoen? Hy het die mens na Sy Eie beeld gemaak, en in die wete dat hy sou val, maar hom op 'n basis van vrye morele keuse geplaas het, Hy het gesê: "Nou, moenie aan *hierdie* boom raak nie."

165 Nou, Hy kon nie sê . . . Nou, Hy het geweet hy gaan daaraan raak, maar Hy kon nie . . . ? . . . hy om dit aan te raak, want Hy het gesê: "Raak aan *hierdie* Boom, lewe jy, kan aan *hierdie* boom raak en jy sterf." Sien?

166 En Hy het geweet die mens sou faal, maar tog kon Hy hom nie laat faal nie, hy moes dit doen op sy . . . so—so dit maak God regverdig, julle sien, die mens het self geval. Na Hy hom so na aan Homself gemaak het, het Hy hom op 'n basis van vrye morele keuse geplaas, en daarom, dis daar waar hy geval het, deur sy eie vrye-morele-keuse daad het hy geval.

167 En vandag, word elkeen van julle kinders, en elkeen van ons volwassenes geplaas langs daardie selfde twee bome, ons kan Lewe aanvaar, of Dit weier. Sien? So God het dit net in ontstaan gespreek, en die wêreld is gevorm, hierdie einste vloer is God se Woord, *hierdie* ding hier is God se Woord, ons liggame is God se Woord, en alles wat daar is, is God se Woord, sien, want dit het alles van God af gekom.

168 Goed, meneer. Nou—nou, as dit nie reg is nie, as dit dit nie opklaar nie, wel, kan jy—jy vir my 'n nota skryf, dit kerk toe bring, as jy wil.

169 Goed, Broer Jimmy.

[**Een Korinthiërs 16:22, verduidelik.**]

170 Laat ons sien, Een Korinthiërs 16:22. Goed, meneer, net 'n oomblik. Hierdie—hierdie klein—hierdie klein studietjies in die Skrifte kan ons regtig help. Dit kan—dit kan julle versterk en julle—julle sterk maak, magtige manne.

171 Sestien het jy gesê, seun? [Leë kol op band—Red.] "...laat hom wees..." O, my goeiste, ek weet nie of ek daardie naam kan uitspreek of nie. A-n-a-t-h-e-m-a M-a-r-a-m-a-t-h-a. Iemand wat 'n ander Bybel het, sien hoe dit afgebreek is. Dis *anathe*-... Wat sê? Klink asof dit sou wees. Wat is dit, Fred? Kry die, kry nog een, het iemand 'n ander Bybel? Kyk of dit daarbinne is.

172 Anathema. Wel, wat is 'n *anathema*? Nou, jy het my. Weet jy, Fred? Enigiemand, weet enigeen van julle wat *anathema* is? Het 'n woordeboek? Ons kan dit net binne 'n oomblik vind, 'n woordeboek kry.

173 Goed, terwyl hy daardie een kry, miskien kan ek 'n ander een antwoord. Goed, Meneer.

[**Verduidelik: "Ek het Satan gesien wat, in weerlig, uit die Hemel val."**]

174 "En ek het Satan uit die Hemel sien val soos weerlig." Oorkant in Lukas is waar...dit daar 'n Skrif gegee? Net, wel, ek veronderstel dis wat dit is.

175 "Ek het Satan uit die Hemel sien val soos weerlig." Nou, daardie een, nou, ek sal net soort van die omskrywing gee, en as dit nie genoeg is nie, dan laat julle—julle my net weet, en sal ek dit noukeurig beskryf. Onthou julle...? Ons sal—ons sal dit kry wanneer ons inkom, verder aan in die Skrifte oor ons studie daar oorkant daaroor.

176 Julle weet, Jesus, dit was onmiddellik nadat Jesus Sy dissipels mag gegee het teen onrein geeste, en hulle het uitgegaan om duiwels uit te dryf. Hulle twee-twee uitgestuur, en Hy het gesê: "Moenie na die Heidene toe gaan nie, maar gaan liewer na die verlore skape van Israel. En soos julle gaan, verkondig dan die Koninkryk van die Hemel; en genees die siekes, en dryf duiwels uit," ensovoorts. Wel, toe, en toe, het hulle verheug teruggekom, gelukkig (Nou, jy wat die vraag gevra het, weet dis waar dit is, sien.), gelukkig en verheug teruggekom. En Hy het gesê—en Hy het gesê: "Moenie bly wees dat julle name, uh, moenie bly wees omdat duiwels aan julle onderdanig is nie, maar wees bly omdat julle name in die Hemel geskryf is." Hy het gesê: "Ek het Satan uit die Hemel sien val soos weerlig."

177 Sien, die krag van daardie Kerk wat voortgeweeg het, het net die hele koninkryk van Satan ontstel, julle sien. En Hy het hom gesien soos hy uit sy plek uitgeval het, is omdat God weer krag gegee aan Sy Kerk om te gaan na...Hy het hom soos weerlig

uit die Hemel sien val. Hy is reg uit die heilige plekke uitgewerp en alles, julle sien, deur die krag van daar-. . . daardie krag van daardie Kerk, van hulle wat mag gehad het. Jesus het gesê: "Ek gee julle mag oor onrein geeste." Sien? En hulle het regtig die koninkryk van Satan ontstel. Wat kan ons vandag daarmee doen? O, prys die Here!

178 Goed, Broer Jimmy, het jy dalk nog een?

[**Verduidelik: "bloed aan die perd se toom," in Openbaring.**]

179 Toomstange, die Armageddon, uh-huh, in Openbaring. Nou, in die laaste dae, kom ons by 'n plek toe Titus, in 70 nC., die mure van Jerusalem ingeneem het, en die mure van Jerusalem afgebreek het. Hulle sê dat daar soveel bloed daar gestort is, net tot 'n miljoen of meer Jode wat binne die mure was, totdat hulle selfs vroue doodgemaak het, babas, wel, dit was so erg dat hulle. . .

180 Hulle het die Heilige Gees verwerp. Sien nou, God, toe Hy. . . Toe hulle Christus verwerp het en Hom 'n Beëlsebub genoem het, het Hy gesê: "Ek vergewe julle daarvoor," sien: "Ek sal julle vergewe, maar," gesê: "eendag kom die Heilige Gees" om dieselfde ding te doen wat Hy gedoen het. Gesê: "Een woord Daarteen sal nie vergewe word nie."

181 Wel, wat het hulle gedoen op die Dag van Pinkster toe hulle daardie mense sien skree, en dans, en optree asof hulle dronk was, en skree, en uitroep, en aangaan het? Wat het hulle gesê? Hulle het gesê: "Hulle is vol wyn, hulle is dronkaards," en alles soos daardie, Handelinge 2. En hulle het hulle bespot en hulle alles genoem. Wat het gebeur? Dit het hulle uit die Koninkryk van God uitgeseël. Sien?

182 En toe, toe daardie beleëring van Jerusalem gekom het, nou, ons gaan dit in Openbaringe 7 kry, ons sal reguit terugkom soontoe, wie ook al die vraag gevra het, ons sal reguit terugkom soontoe, en toe, en toe hulle, Titus wat die mure ingeneem het, sê die geskiedenis, van—van Josefus, die vroeë geskiedkundige wat die dae van ons Here Jesus bewandel het, en hy was 'n groot geskiedkundige, hy het gesê dat selfs dat die bloed gevloei het, net so by die poorte uitgestroom het, hulle soveel van hulle daarbinne op een slag doodgemaak het toe hulle ingegaan het.

183 Nou, die Bybel voorspel dat Hy in die laaste dae Katolisisme, Roomsheid, en al daardie dinge sal vasvang, en hulle, kommunisme, en almal van, saam in die valleie van Megiddo daar, totdat daar so 'n slagting onder hulle sal wees, tot die bloed sal vloei tot by 'n perd se toom. . . perd se toom. Sien, dis in Openbar-. . . dit sal wees in. . .

184 Maar dank sy die Hemelse Vader, ek dink nie ons sal hier wees, deur Sy genade nie, ons sal nie, ons sal dan in die Hiernamaals wees, sien. Dit sal wees net nadat die—die—die twee profete geprofeteer het in die slag van Armageddon. Dis wanneer

hierdie—wanneer hierdie Heidense nasies so boos word, net voortgaan, en die konfederasie van kerke, en dit alles bymekaar kom, en God sal die Kerk, die Uitverkore Kerk Huis toe neem uit elkeen. En al die slapende maagde sal wag-. . .

185 Nou, daardie toom se stang daar, sal uit die slapende maagde en hulle almal daaragter kom in daardie dag, en kommunisme, wanneer hulle almal daar ontmoet, en God het gesê Hy sou by hulle pleit soos Hy het in—in die ou dae, julle weet, daar in daardie vallei. En dis waar dit sal ry tot by die toomstange van die perde.

186 Het julle ooit daardie woord gekry? Het hulle. . .? O, hulle kyk nogst-. . . O, dis, gaan voort, dis alles reg.

[**Wat is die drie onrein geeste?**]

187 Dit het uit, Openbaring, uitgekom uit die mond van die valse profeet, en die draak, ensovoorts.

188 Nou, ons gaan dit nou in ons studie kry, julle sien, die drie onrein geeste is drie *ismes*. Laat ek dit nou vir julle tipeer en julle sal sien waar dit—waar dit begin het, waar dit begin het. Sien, daar was kommunisme, fascisme, Nazïsme, hulle was geeste. Kommunisme is ’n gees, dit kom op jou. Sien? Dis ’n gees. En dit, dit sal so-iets wees, net ek sou. . . dit—dit. . . Dit is nie regtig dit nie, maar dit sal drie geeste wees, net soos daardie, waarvan hulle soort van ’n voorloper was. Maar, natuurlik, julle weet waar, dis in Katolisisme, julle sien, maar ek sou. . . Ek—ek wil seker maak van ’n paar daaroor voor ek dit sê, julle sien, om seker te wees dat ek weet wat. . .

189 Maar dit is drie geeste, net soos kommunisme, fascisme. En ons het dit jare gelede uitgebring, julle weet. Onthou, ek het vir julle gesê, ek het gesê dit sou ’n—dit sou ’n—’n ding wees wat sou plaasvind, sou wees, alles eindig in kommunisme? En dis waar dit gedoen word, dis dieselfde manier wat dit sal wees op daardie tyd, julle sien, dit sal die drie onrein geeste wees wat sal uitgaan. Dit. . .

190 Ek glo regtig, waarlik net nou, net om dit soort van te skets, as julle nie omgee nie, en as ek—as ek ’n bietjie meer daarby voeg wanneer ek dit gaan verduidelik, wel, julle sê: “Jy het dit nie volledig verduidelik daaronder daardie aand nie.” Sien? As ek dit doen.

191 Hier is wat ek dink dit sou wees: ek glo dis ’n gees, die slapende maagd, konfederasie van kerk; Judaïsme oor die verwerping van Christus, die Jode wat dit verwerp het; en Katolisisme. Want, julle sien, waar dit uitgekom het uit die, het dit uit die valse profeet gekom, sien, uit die mond van die valse profeet wat die pousdom was, uit die dier, sien. En dit alles, waar dit uitgekom het, jy kan die agtergronde sien, waar dit is.

192 En dis die drie onrein geeste wat die hele wêreld na Armageddon neem, sien. En dis daardie drie onrein geeste; dan kry jy dit reg in met die drie weë. Julle onthou nou die dag, ek het dit pas ingebring, ek het gesê, sal sewe laaste plae wees, sewe seëls, en drie weë, en twee. . . drie onrein geeste, en dit—dit kom daardeur.

193 Goed, het jy nog een, het jy?

[Dit sê: "**Watter betekenis het die Eufraatrivier deur die Bybel, geestelik gesproke?**"]

194 Ja, die Eufraatrivier, dit was altyd 'n groot rivier, want die Eufraatrivier het 'n groot plek in die Bybel. Die eerste plek wat ons vind, dat dit regdeur Eden geloop het, die Eufraatrivier het, die Bybel sê dit het regdeur Eden gekom. Die volgende ding wat ons uitvind, die Eufraatrivier was ook 'n rivier wat reguit afgekom het deur Babilon, dieselfde rivier, sien, Eufraatrivier het regdeur Babilon gekom.

195 Nou, ons vind uit dat die Engel sy skaal uitgegooi het op die Eufraatrivier en dit opgedroog het, dat die Koning van die Noorde mag afkom. En ek dink wat dit werklik sal wees, sal wees aan die endtyd wanneer hulle in Armageddon inkom, sien, hulle moet reguit afkom deur Egipte daar, om daar in te kom, en reg af deur daardie lande, sal hulle die Eufraat moet oorsteek om daar in te kom.

196 Sien, die Eufraatrivier loop vandag, ons—ons weet dit, julle sien, en—en die Amasone, Suid-Amerika, en—en die Nyl in Egipte, en die Eufraat, en die. . . O, wat is daardie ander een? Daar is twee riviere daarbinne, wat saamgevloei het by die bopunt van Eden. En die—die Eufraatrivier is wanneer hierdie groot. . . plek gemaak het dat dit kon afkom, sien, plek gemaak vir die Koning van die Noorde om af te kom, die konings. Dit sal wees, wat sal plaasvind op die tyd van die slag van Armageddon in die laaste dae, julle sien, daardie Eufraatrivier.

197 Was dit almal van hulle? Of het. . . ? Dit was almal van hulle.

198 Nou, net in my gedagte, sien, daaroor, wat hierdie persoon is as hulle Christus verwerp. Dis net, jy kan dit vir self opsoek in 'n—in 'n, in die woordeboek, want dis nie iets wat dit sou nie, ek sou dit nie uitspreek, net hierbuite nou nie. Maar soek jy dit op, en jy sal sien wat dit beteken. Dit. . . Jy kan net, met ander woorde, daar's twee of drie plekke in die Skrif wat ek julle na kan verwys, dinge soos daardie.

199 Soos, met ander woorde, soos Koning Nebukadnésar gesê het: "Enige mens wat nie—wat nie sou buig voor hierdie *So-en-so* nie," onder die, Daniël se God, en alles, "laat sy huis weggeneem word, sy kinders verbrand, sy huis 'n mishoop gemaak word." Sien? En ons besef wat daardie woorde is, hulle word net uitgebring en so gesê. Maar as jy net sal kyk in die woordeboek, sal dit—sal dit jou sê net wat dit is, jy sien, wat dit is.

200 Wel, hierdie ou dingetjies gee ons insig, en ek—ek—ek het nie soveel in hulle ingesit as hulle . . . as wat ek moes gestaan en ingesit het nie, want julle sien, dis 'n—dis 'n . . . almal, julle almal wat môre werk, en ek gaan, as die Here wil, na Miami. En dis kwart oor tien, en ek wil julle nie te lank hou nie, en ek dink my kindertjies slaap, en ek reken julle s'n ook, en so daar het ons dit. En—en kindertjies raak gou vaak.

201 Maar ek wil sê dat hulle baie, baie, mooi vrae is, elkeen van hulle, baie goed. En ek wens dat, as ek nog 'n vrae-aand het, of *so-iets*, by die tabernakel, dat julle almal, as ek dit daardie oggend noem, julle daardie vrae vir my sal gee sodat ek 'n bietjie tyd kon—kon kry om hulle te bestudeer.

202 Soos julle weet, dis net onvoorbereid, dan begin jy—jy praat, en ek's net iemand wat te veel tyd neem met enigiets. En hier, julle let my tegniek op as ek preek, dis waarom ek heeldag daar bly, julle sien, amper, ek preek net te lank.

203 Maar het julle Billy Graham opgelet? Nou, Billy Graham is 'n opgeleide prediker, en hy's 'n groot man. En Billy Graham, hy sal sy teks net *daar* sit, hy sal *hiernatoe* teruggaan en net aanhou hamer op daardie teks, net die heeltyd aanmekaar. Hy sal nooit sy stem sagter maak, skaars nie, net aanhou hamer op daardie teks. Sien? Dis hoe die Heilige Gees hom laat preek, sien, dis sy tegniek om dit te doen, dis hoe hy dit doen.

204 Charles Fuller, baie van julle het hom gehoor, hy is 'n wonderlike ou man. En so, Charlie Fuller is soos 'n Bybeluitlêer, hy's 'n, hy hou daarvan om—om te onderrig en om, hoe hy dinge doen, julle weet, en alles, hy lê dit net op Christus, en 'n groot ou leraar. Julle let op wat hy doen, hy preek nie, hy onderrig dit net.

205 Wel nou, as julle oplet, die klein eenvoudige manier wat ek dit het, ek sit 'n teks *hier* buite, wat ook al my teks is, ek gaan ver terug *hiernatoe* en kry my konteks, en ek bring dit *hiernatoe* en kry dit reg in lyn met my teks, en gaan dan terug *hiernatoe* en kry iets anders en bring dit *hiernatoe* en lê dit *hier* oorkant, en ek gaan terug *hiernatoe* en kry iets anders, totdat ek dit alles *hier* onder reg kry, en dit dan terugbring by die teks, net alles op een slag.

206 Dis waarom ek altyd hierdie ou prekies gehad het wat ek altyd probeer preek het, natuurlik, ken julle my al lank en weet ek is nie 'n prediker nie, maar soos, *Glo Jy Dit*, *Spreek Die Rots Aan*, *Kom Sien 'N Vrou*, en alles soos daardie, julle weet, net drie klein woordjies. Net, ek sou dit om die vrou by die put bou en wat dit was, en dan reguit afgaan op die laaste, dan sien: "Kom Sien 'n Man! Kom Sien 'n Man!" en "Spreek Die Rots Aan!" Ek neem Israel en bring hulle uit, en sien, ek kry my konteks, en plaas dit hier oorkant in lyn met my teks, nog nooit my teks gekry nie.

207 En julle het 'n rukkie gelede opgelet deur dit te verduidelik, net 'n rukkie gelede, dieselfde ding, oor daardie Romein daar,

julle sien, wat sê: “Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word.” Sien, dis die vraag, om gered te word. Sien, ek het teruggegaan, en gekry wat dit alles was, en dit uitgebring, en teruggegaan, en Job gekry het, en almal van hulle, dit hier oorkant in die pad ingebring het, en dit toe beklemtoon: “Dis wat dit is, dis geloof, julle sien, Job het geloof gebruik, die Romein het geloof gebruik, ons word gevra om geloof in alles te gebruik.”

208 Sien, net, en ek dink so as ek, deur dit op my manier te doen, as ek die mense genoeg geïnteresseerd kan kry om te luister waarna jy probeer opbou, dan jou hoofteks hier hou vir die laaste punt, en dit dan tuisbring. Dan sê: “O, die res daarvan gaan oop,” want, jy sien, jy sien dit. Sien, jy het net, jy het uitgereik hiernatoe, en ’n los punt gekry, hierdie een ingetrek; en—en die probleem daarmee is, ek los te veel los punte, sodat ek, wat—wat ek nie kry nie.

209 Wel, dit was regtig gaaf van julle almal, hiernatoe te kom, en te sit en praat met ons, en alles, en ek waardeer dit. En ek wil weer sê, met my hele hart, ek bedoel dit met alles wat in my is: Ek het nooit besef watter groot ding julle mense betaal nie. Ek—ek net, as dit nie was om julle te sien, en om julle lief te hê, en die dinge wat ek doen nie, sou ek sê: “Ek gaan nie nog ’n keer preek, by daardie tabernakel nie,” om te sien dat julle almal vyftien, agtienhonderd myl op ’n keer moet ry om na ’n diens te gaan luister.

210 Nou, ek waardeer daardie groot lojaliteit, maar tog, dink ek aan wat julle doen. Sien? Hmm! En ek—ek vertrou net op God dat elkeen van julle in die Land oorkant die rivier, julle en julle kinders, julle kleintjies en almal, dat ek sal—ek julle daar oorkant sal sien, en ek hoop ek sal daar wees, ek, vertrou dat ek daar sal wees.

211 Ek sal elkeen van julle sien, mag—mag nie een van julle kinders verlore gaan nie, nie een van julle verlore gaan nie, mag ons almal daar wees op daardie Dag, en—en selfs vir ons sustertjie daar buite, klein—klein gekleurde dametjie daar buite, wat die skottelgoed was, daar buite in—in die ander kamer. Ek—ek onthou hier onder eendag, gepraat met daardie vrou, glo ek (Is dit dieselfde vrou?), en haar man, ek glo ek het hom eenkeer daar ontmoet—ontmoet, of nee, dis ’n seun wat vir jou werk, het gelyk na ’n gawe ou kêreltjie. Ek—ek hoop net ons ontmoet almal daar waar ons, daar geen teleurstellings sal wees nie, geen laat opbly meer in die nag nie, want daar sal geen nag wees nie.

212 O, my broer, suster, as ek net—as ek net op enige manier kon verduidelik wat dit was daardie oggend, toe ek daar langs my vroutjie daar gelê het, en—en Hy my opgelig het van daardie bed af en my soontoe geneem, en my agter die gordyn laat kyk het.

213 As ek nou net die krag kon hê om vir julle te verduidelik hoe dit gelyk het en wat dit was! Ek het hulle almal daar gesien, en

hulle was almal jonk, en ek—ek kon hulle nie herken nie. Sien, hulle het almal na my toe gekom, en hulle arms om my gesit, en alles, en hulle was—hulle was mense. Sien? Hulle was nie een of ander soort vere, soos 'n, hulle sê 'n Engel, ek dink nie 'n Engel het vere nie, alhoewel hulle net—hulle dit net sê, julle sien.

214 Maar 'n Engel is 'n boodskapper; dat die woord "'n boodskapper" beteken. So, ek dink nie hulle het vere en sulke goed nie. Maar dis net, hulle was almal daar, en hulle was almal gelukkig, en hulle was geen, kon niks anders as gelukkig wees nie. En as daar nie meer as dit was nie, sou ek. . .sou dit ons betaal vir al die rondhardloop en dinge wat ons doen, en—en alles soos daardie.

215 Maar ek wil hê julle moet. . .Ek wil dit sê, dat ek ook glo, dat die Bybel gesê het in die laaste dae daar 'n hongersnood in die land sal kom, en daardie hongersnood sal nie wees vir brood en water nie, maar om die ware Woord van God te hoor. En mense sou hardloop uit die ooste, uit die weste, uit die noorde en suide, om die Woord van God te hoor, en ons lewe net omtrent in daardie dag nou. Sien? Wanneer. . .

216 Nie enigiemand minag nie, julle sien, nie ons kerke minag nie, nee, meneer, maar as julle weet, ek glo dat ons in die preekstoele van baie van hierdie kerke, goeie manne het, goeie manne, ware manne van God, maar hulle is bang as hulle enigiets sê wat teenstrydig is met wat daardie organisasie sê dan sal hulle uitgeskop word, dan word hulle buite in die koue gelaat.

217 En ek glo wat die man nodig het, is 'n bietjie moed. En ek glo dat, wel, ek glo God wil iemand neem en 'n voorbeeld maak om te wys dat Hy vir hulle sal sorg, ongeag van hulle organisasie. So, dis wat ek is, hoop Hy sal met my doen, om my te help, om my te laat. . .

218 En as ek, en luister, Christene, as ooit een keer, ek—ek sal. . . Ek beveel julle voor God en die—en die uitverkore Engele, dat julle dit doen, as julle enige tyd sien dat ek iets verkeerd doen, sal julle my nie asseblief kom vertel nie? Want ek—ek—ek het julle te lief om julle daar oorkant te mis, en ek weet julle gaan, so ek. . . julle kom sê my, as julle my enige tyd verkeerd sien, iets wat ek doen wat nie reg is nie, iets wat 'n struikelblok in julle pad sou plaas.

219 Nou, daar is baie kere, wat ek hier rondgaan en lag, en grappe maak, en dinge sê. Wat probeer ek, doen? Ek probeer 'n bietjie van daardie gespanne gevoel in my verlig, julle sien. Net, dit is nie dat ek dit wil doen nie, sien, dit is nie dat ek eers wil lag, of en om hiernatoe te kom en by Broer Welch te kom, sodat ek hom 'n ietsie kan hoor vertel van iets, o, die—die seuntjie, 'n gekleurde seun daarbuite, en hy het 'n vis gevang, en die opsigter het hom gevang, en gesê hy het skilpad-aas gevang, en—en soos, iets, julle weet, van daardie aard nie.

220 En die klein, toe daardie predikertjie vir my gesê het... Ek het hulle vertel, die dogtertjies vandag, van die klein poedelhondjie wat Fefe en Fifi was, julle sien. En—en soos, waarom doen ek dit? Om—om te lag, myself te laat lag, om—om myself af te bring.

221 Wanneer jy bokant hierdie sterflike sfeer instap in daardie sfere *daar*, dis, maak dit jou gespanne, julle weet wat ek bedoel. En dink dan net, hier is dit, dink net, met hierdie bediening, onthou julle waarvoor ek sal moet antwoord? Nie net vir Tifton, Georgia nie, nie vir Indiana nie, nie vir die Verenigde State nie, maar ek moet antwoord voor die wêreld, vir 'n wêreldwye bediening. Sien? Ek moet antwoord aan die heidene, ek moet antwoord aan God vir die heidene, liewer, sien.

222 En wanneer ek by die huis sit en dink: "Wel, ek glo—ek glo—ek glo..." Soos nou die dag daarbo, en ek raak so gespanne, en ek het gesê: "Ek—ek—ek gaan voort, nog 'n diens hou." En ek gaan voort, nog 'n diens hou, en voor jy jou kom kry, is ek so gespanne, ek—ek moet gaan jag, ek moet gaan visvang, ek moet uitgaan saam met iemand, ek—ek moet iets doen, want ek is net 'n man, net 'n mens, julle sien, en dit—dis wat, julle verstaan dit.

223 Maar as julle ooit dink ek raak iewers die pad byster daarmee, kom sê julle vir my, ek sal ophou daarmee, man, soos 'n mossel van...maak nie saak wat gebeur nie. Want ek—ek wil hê julle moet verstaan, ek het geen geheime nie, alles wat ek weet, weet julle ook, sien. Alles wat die Here my gewys het, wat Hy my sal toelaat om te vertel, dit het ek vertel, en ek hou niks terug nie. En—en my lewe is oop, julle weet wat ek is en waarvan ek gemaak is, en ek is net, probeer elke dag dieselfde lewe sover ek kan.

224 Natuurlik, baiekeer sien julle my wanneer ek buierig is, en ek sleg voel, en moeg, en vermoeid, of so-iets, natuurlik, ek, dit gaan saam met die bediening, julle weet, julle besef dit. Julle, as julle terugkyk deur die bladsye van die tyd, sal julle daardie manne op daardie manier sien, so gemaak het, ons almal kry hulle. Maar die ding is, ons wil mekaar verstaan.

225 Ek besef dat julle julle goeie en slegte tye ook het, ek's nie die enigste een wat hulle het nie, jy het hulle. En wanneer julle julle s'n het, sal ek probeer verstaan; wanneer ek myne kry, probeer julle verstaan. En wanneer ek iewers oorsee is, of ver buite in 'n diens iewers, en die duiwels is oral, wat ophoop en my uitdaag en al die res, wel, onthou julle almal, bid net vir my. Sal julle dit doen? Kan ons nou 'n woordjie vir Hom sê?

226 Hemelse Vader, dit was heerlik om hier te staan en te praat met hierdie klomp Bloedgewaste kinders. Ek besef, vanaand, ek staan net soos Paulus baie jare gelede gestaan het, klein huisdiensies waarnatoe hulle gekom het. En Paulus het oorgekom na Aquila en Priscilla s'n, en—en hoe hulle moes, die

mense laat vergader het. En hy het na Rome gegaan en 'n huis laat huur, en hy het diegene ontvang wat ingekom het.

227 En hier vanaand, die mense van, wat na die tabernakel toe kom, en—en die mense wat, al hierdie myle ry, wat ek net vir hulle probeer sê het hoeveel ek dit waardeer. Here, ek het nie eers woorde, waarmee ek hulle kan vertel, hoeveel ek hulle waardeer nie, maar Vader, ek bid dat U hulle in hulle harte sal laat weet wat ek bedoel.

228 En, dierbare God, as. . . asseblief, ek bid dat U my gebed vir hulle sal beantwoord. Red hulle elkeen, Here, mag daar nie een van hulle verlore gaan nie, of enige van hulle families verlore, mag hulle, elkeen, daar wees.

229 Ek bid vir hulle kindertjies. Ek dink hierdie seuntjie wat hier in sy pappa se skoot lê, en sy mamma wat sit, en kyk, en dink aan die dae wat sal kom. As daar 'n môre is, hoe weet ek dat daardie selfde seuntjie nie die Evangelie sal uitdra nie? God, ek bid dat U die seuntjie sal seën, al die ander, die dogtertjies en seuntjies, en met hulle almal sal wees. Wees met Broer en Suster Evans wat hulle huis oopgemaak het, huis van gebed. Wees nou met ons en vergewe ons ons sondes.

230 En God, as hulle ooit siek word en hulle moet skakel, God, laat my so 'n lewe lei dat hulle sal glo dat U my sal hoor, en hoor my dan wanneer ek vir hulle bid, Here, skenk dit. En hoor, wanneer hulle vir my bid, want ek het hulle gebede nodig, Vader. En elke keer wat hulle vir my bid, sal U nie hoor nie, Here? Wanneer ek vir hulle bid, hoor, Here.

231 En saam sal ons U ons hele lewe lank dien. En op daardie groot Dag, hoop ons om eendag na U Huis toe te kom. En wanneer ons aan die deur klop, sal U ons nie laat inkom nie, Vader? Tot daardie tyd, waak oor ons, en seën ons, en hou ons altyd getrou, vra ons, in Jesus' Naam. Amen.

232 Baie dankie, mense. En ek is jammer om julle hier te hou tot—tot amper tien-dertig. Hierdie seuntjie wat hier lê, aan die slaap soos 'n soldaatjie. Hoe oud is hy?. . .?. . .

233 Hoe gaan dit met jou, Suster, ek weet nie of ek jou hand geskud het toe ek ingekom het of nie. Wel, dis lekker om jou weer te sien, en vir jou, Broer Willie.

Fred, ek reken jy sal uitgaan in die oggend, teruggaan na die huis. Neem jy my—my krokodil terug?

Sien jou by die huis, Broer Wood, die Here seën jou.

234 Jy, Broer Scott, lekker om jou weer te sien, Broer. Ek glo ek het jou al tevore iewers gesien, het ek nie? Ek het gedink ek het, jou gesig is bekend.

235 Broer Wayne, die Here seën jou. En ek dink steeds ek behoort jou tenk vol te maak met petrol omdat jy tagtig myl gekom het om ook hierdie prediker te bring. Seën jou, Seun.

Seën jou, Suster. En al my geterg van jou, ek terg net. Jy weet dit, nie waar nie?

236 God seën jou, Suster Evans. Dit was baie lekker, ontbyt, en aandete, en julle wonderlike gasvryheid, onthou, Jesus het dit gesê: "Vir sover julle gedoen het aan die geringste..." Nou, Hy het nooit gesê: "Vir sover julle dit gedoen het aan die grootste..." Sien? Sien, dit mag, dit sal iemand anders wees, maar "Vir sover julle gedoen het aan die geringste..." sien, dit sou ek wees, so julle het dit aan my gedoen.

237 Lekker om jou ook weer te sien, Suster. God sy altyd met jou. [Die suster sê: "Dis my moeder. Ek reken jy onthou haar."—Red.] Ek... O, goeiste. Hoe kon jy sê dit was nie jou moeder nie? Julle lyk soveel na mekaar.

238 Dis lekker om jou te sien, Suster. Ek glo jy is die vrou van die, hierdie jong kêrel *daar*. En jy's Broer Scott. Is julle almal susters? Wel, ek het gedink julle is susters, ek het beslis. Lekker om julle weer te sien. En hou goeie moed, my broer.

En sê, miskien is hierdie 'n nuwe een, ek het nie hierdie meisie hier opgelet nie. O, wel, ek is bly om jou te ontmoet, Suster. Die Here seën julle.

Lekker om jou te sien, Suster. En hy sal goed wees vir iets, neem hom net. God seën jou, Broer.

Broer Evans, God sy met jou, Seun.

Nou, Skat, as jy ons kleintjies sal kry, beter ons aan die gang kom.

God seën jou, my broer.

239 En, ek sê julle, voor ons gaan, laat ons net op ons voete staan en daardie liedjie sing. Sal julle 'n klein versie saam met my sing, soos daardie? Is dit reg?

God sy met jou tot ons weer ontmoet!
Deur Sy leiding, jou laat standhou,
Met Sy skape jou veilig omvou;
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet;
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

240 Hier's hoe ons altyd gemaak het by die klein bidure, laat ons mekaar se hande neem, reg rondom soos hierdie, julle sien. Ons sing hierdie liedjie, maak 'n sirkeltjie, kom bymekaar, dis die manier, julle sien. Julle het net 'n kontak met mekaar op daardie manier, nou. Kom ons sing. Ken julle hierdie liedjie?

Geseënd is die band wat
Ons harte in Christenliefde bind;
Die gemeenskap van geesgenote

Is soos dié van bo.

Voor ons Vader se Troon,
Stort ons saam ons gebede uit;
Ons vrese, ons hoop, ons doel is een,
Ons troos en ons sorge.

Wanneer ons uitmekaar gaan,
Gee dit ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds verbind wees in ons harte,
En hoop om weer te ontmoet.

241 Nou, met ons hoofde gebuig, laat ons net daardie modelgebed herhaal:

Onse Vader, wat in die hemele is, Laat U Naam geheilig word.
Laat U Koninkryk kom. Laat U wil geskied soos in die Hemel, net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose; Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.

242 God seën julle, elkeen, nou, tot ons weer ontmoet.

Broer Welch, jy bedoel jy het dit alles op bandopname daaronder? Hmm!

243 Wel, ek wens julle almal, kon Florida toe gaan saam met ons. As die Here wil, ek—ek sê julle wat ek doen, ek probeer die kindertjies uitneem, julle sien, hulle is, hulle het nie hulle vakansie voltooi nie, hulle ouma het 'n hartaanval gehad en ons moes terugkom. So daarom neem ek hulle uit om soort van hulle vakansie te voltooi, want hulle moet weer in die skool begin, dadelik. So ek sal hulle môre iewers heen neem, miskien onder by St. Petersburg, of iewers.

244 Ek moet terugkom, miskien, voor Sondag. [Broer Evans sê: "Hulle het van daardie halms daaronder, dink ek, jy weet, in 'n museum, jy weet, waarvan jy gepraat het ruk gelede."—Red.] O? Ja? Wel, ek wil graag soontoe gaan en hulle sien. Dis reg. Ek was nog nie in die museum daaronder nie. Dis by, wat was dit? Ripley se museum. En dis by St. Petersburg? Onder by Sint, ek bedoel by St. Augustinus, liewer.

245 Ja, ek gaan hiernatoe, dit is Jacksonville is waarnatoe ek eerste gaan, is dit nie? Ja, terug, want ek kry hierdie ding omgedraai, terug *hierdie* kant toe na Jacksonville, en dan gaan ek uit deur La Crosse, sê julle, en uit in daardie rigting? Waycross. Uh-huh.

246 ['n Broer sê: "Ek het begin dink, jy het gevra. . .jy het genoem dat jy omgedraai is, na watter kant toe wys die tabernakel?"—Red.] Die tabernakel wys oos en wes. Ek het dit gebou. . .Wanneer jy inkom van die—die voorkant af, weet jy waar Agtste Straat oploop na *hierdie* kant, dan gaan jy reg oos. Sien? En dan, die—die. . .Dan as jy opstaan. . .En wanneer ek preek, preek ek na die weste toe, en sien, nou, ek doen dit sodat die altaar na die ooste sou wees, want Jesus kom van die ooste af. En dan laat dit—dit my. . .Die altaar, ons buig altyd na die ooste, sien.

247 Wel gewoonlik, ek weet nie, dis net wat ek altyd gedoen het, ek sien in die Bybel, het hulle, gewoonlik destyds daar, Daniël het gesê hy het gegaan en die vensters oopgemaak, julle weet, en alles soos daardie, en gebid by, na die ooste.

248 En—en so, en ek het opgelet in die ou Mosaïese tempel, dink ek, na die ooste gewys, die altaar. En so, natuurlik, sal God jou hoor waar jy ook al is, jy sien, ongeag.

249 [Die broer sê: "Ek kon net nooit die rigting regkry nie."—Red.] Ja, meneer. Wel nou, ek het 'n tyd gesien wat ek deurgebid was en alles, ek—ek net nie—ek net nie omgedraai word nie, sien, ek net om kom.

250 Maar nou, as ek nie dophou nie, en enigiets soos daardie, en net afgaan en daarnatoe spring, sal ek net. . .Daar is twee. . .een plek waarvan ek weet, wat ek nooit kan regkry nie, en tog weet ek waar dit is, en dis onder by Ouma Cox. Ek kan soontoe gaan, en ek kan dit net nie regkry nie. En daar gaan iets wees, wat vir my lyk asof dit eendag daar sal gebeur. Ek gaan net hier by hierdie hek, en dit, dis net so reg suid as wat dit kan wees, draai na my regterkant, maar dit is nie, sien, dit is nie, dis verkeerd om. Sien? En ek—ek net. . .

251 En as ek in die woude ingaan, nou, asof ek verdwaal of *so-iets*, en dan as ek sou, omgedraai het, nou, as ek baie opgewonde raak, wel, kan ek—ek dit net nie doen nie, sien, maar as ek net 'n paar minute stilstaan en sê: "Hemelse Vader, help my." En, broer, ek kan net so, dit vir jou wys, net so maklik, dis reg.

252 Eenkeer het ek uitgekom, daar saam met Broer Wood en Suster Wood, ons het uit Chattanooga uitgekom, en Broer Wood het aangery, ek reken dis 41, net teruggegaan. So, ek—ek was so moeg, ooo, ek was so moeg, en ek het net agter gelê, na die diens, en daaragter gaan lê en aan die slaap geraak, agter in die motor. Ek het wakker geword na 'n ruk en ek het opgestaan, en ek het gesê. . .Mis? jy kon skaars jou hand voor jou sien. En ek het gesê: "Haai, Broer Wood, jy ry verkeerd."

Hy het gesê. . .Sien, ek het pas uit daardie diens uitgekom. En hy het gesê, hy het gesê: "O, nee," gesê: "ek gaan, ek," gesê: "ek gaan 41."

Ek het gesê: "Maar jy—jy ry suid."

En gesê: "Nou, hoe kan jy sien in 'n mis soos hierdie? Sien, jy kan nie eens die pad sien nie."

Ek het gesê: "Maar jy's—jy's . . . Ek kan net nou sê dat jy ry . . . jy—jy ry suid."

Hy het gesê: "Nee, nee. Sien *daar*, dis 41."

Ek het gesê: "Maar dis verkeerd."

253 Wel, ons het 'n klein entjie verder gery, en hy het aanhou stry met my dat hy reg was, net gesê: "Ek bly reg op 41, op pad na Memphis."

En ek het gesê: "Kyk jy maar net." En ons het by die vulstasie ingetrek, en ek het gesê: "Hoe ver is dit na Memphis?"

Hy het gesê: "Jy moet omdraai, Kêrel, jy's in Georgia." Gesê: "Gaan terug in *hierdie* rigting." So, ons sou reguit gaan . . . Ja, meneer.

['n Broer praat met Broer Branham—Red.] Ja, meneer? Ja, meneer. Ja, meneer. Wel, as jy nie oplet . . .

254 En ek onthou eenkeer, was ek verdwaal bo in die berge, en daar is toe ek—ek gedink het ek was so 'n goeie man van die woude dat ek ooit kon verdwaal, maar ek het regtig verdwaal. En my vrou was saam met my, en Billy Paul was 'n babatjie.

255 En hulle, ek het hulle gelos, en ek het gegaan—ek het 'n beer gaan jag, julle sien, en ek het 'n beer gejag, en ek—en ek het 'n groot takbok daar oorkant raakgeloop. Ek het hierdie bok geskiet, en ek het gedink: "Wel, ek beter terugkom." En ek weet ek sou afkom, ek was bo in die Adirondacks, en ek het teen die berg opgegaan soos *hierdie*, en ek . . . iets het oor die pad gegaan, en dit was 'n—dit was 'n bergleeu, en hy het net sy ore platgetrek. En hy, net voor hy . . . Ek het my geweer vinnig genoeg opgetel om te skiet, hy het weggekom, julle sien.

256 En Meda was nog nooit in die woude in haar lewe nie, sien. En, wel, dit was op daardie wittebroodtyd, sien. En ek het 'n goeie een daar gedoen, julle sien, dieselfde tyd wat ek getroud is, toe kon ek, julle weet, het ek haar op ons wittebrood geneem en dieselfde tyd gaan jag, julle sien.

257 So—so—so ek, en ek—ek gedink: "Wel nou, hoe het ek nou gegaan?" Ek, en ek het *hier* opgekom, en afgedraai, en oorgegaan, en 'n randjie gekry, en afgegaan deur 'n klein leegtetjie, ek het geweet ek was onder in die rigting van die Reuse iewers, aan die Kanadese kant, maar ek het net nie geweet waar dit was nie.

258 En daar het 'n storm opgekom, en meteens, julle weet, daardie sneeustorms. En, o, die mis was so laag, jy kon nie eers jou hand voor jou sien nie. En dis wanneer jy, in daardie streek, jy beter gaan sit as jy nie weet waar jy is nie, want jy sal net daar sterf, julle sien. En gaan kry net vir jou 'n plek, en skuil, en kry

iets om te eet, en wag vir 'n dag of twee tot die storm verby is, en gaan dan uit en kyk waar jy is.

259 So, ek kon nie skuil nie, Meda was in die woude, en was nog nooit tevore in die woude nie, onder 'n klein afdakkie, nie eens 'n deur gehad nie, net, julle weet, dit was 'n klein afdakkie, soos *daardie*. So, daar was ek in daardie toestand. En o, goeiste! Ek het, het regs gegaan, reguit begin opgaan soos *hierdie*, ek het gedink: "Wel, ek het afgedraai *hierbo* iewers." Ek het reguit teruggekom na waar ek die takbok geskiet het. Ek het weer vertrek, en ek het gesê: "Ek moet my pad hier uit kry, my vrou en baba sal in die woude sterf." Sien?

260 Dit het koud geword, en daardie—daardie mis wat deurgekom het, wat binne 'n rukkie sneeu sou wees, julle sien. En ek het weer begin gaan, en ek het weer teruggekom na die takbok, dit drie keer gedoen. Wel, ek het toe geweet. . . Ek het gesê: "Wel, ek—ek gaan. . . Ek—ek's iewers. . . "

261 Sien, nou die Indiaan noem dit die "doodswandel," jy's op 'n gelykte, en jy loop rond, in sirkels rond, sien. Nou, met 'n kompas, sou jy dit nie doen nie, sien, maar jy loop in 'n sirkel, die Indiaan noem dit: "jy is op die doodswandel." Sien? Want dan raak jy net angstig, dis wanneer hulle hulle verstand verloor en begin hardloop, skree, en alles, totdat hulle uiteindelik oor 'n krans val, of iets en doodgaan, of hulleself doodmaak.

262 En toe, onthou ek ek—ek het gesê: "Wel, ek loop reguit. Ek—ek—ek moet kry. . . " En ek het soort van waansinnig geraak, en ek het gedink: "Gaan sit. Wel, jou ou dwaas, jy weet jy het nie verdwaal nie, jy—jy kan nie verdwaal nie, jy sien," en ek het dit bly sê. Wel dit, sien dit—dit was net nie daar nie. Wanneer daar iets is wat nie daar is nie, kan jy dit nie bluf nie, julle weet. Net soos. . . En so, het ek gesê: "Wel, ek's nie verdwaal nie, ek weet presies waar ek is, sekerlik, ek het reg in *hierdie* rigting ingekom. Dis presies reg." Aangegaan en met myself gepraat soos daardie, julle weet, en net so hard gesweet as wat ek kon.

263 Nou, as ek alleen was, sou ek net iewers heen gegaan het, en in 'n klein plekkie ingegaan het, en gewag tot die storm verby was, miskien 'n dag of twee, maar sou reg wees, vir my 'n stuk van my takbok gekry en haar laat aangaan het, sien. Maar jy kon dit nie doen, en die vrou in die woude, en nog nooit in die woude nie. Wel, hulle sou daardie aand sterf, hulle sou nie weet hoe om vir hulleself te sorg in die woude nie, sien.

264 So, ek het gedink. . . Ek het net soontoe gegaan en ek het Iets hoor sê: "Ek is die Here, 'n baie teenswoordige Hulp in 'n tyd van benoudhede." Ek het net aanhou loop, ek het gedink: "Nou, ek raak waansinnig," julle sien: "ek dink ek hoor dinge." Dit was net, ons is al getroud, twintig jaar gelede. Ek het net bly voortgaan soos *hierdie*, en Dit het gesê: "Ek is die Here, 'n baie

teenswoordige Hulp in die tyd van benoudhede." En Dit het dit drie of vier keer gesê.

265 En naderhand, het ek gestop, en ek het gedink dat "Ek is óf buite myself, óf Almagtige God is my genadig."

266 En ek het net gekniel en my geweer neergesit, ek het gesê: "God, ek bely ek het verdwaal," julle sien, ek het gesê: "Ek—ek het verdwaal. En U. . .Ek sal nooit. . .Ek kan nooit hier uitkom met. . .Ek het gedink ek was so 'n goeie man van die woude dat ek nooit kan verdwaal nie, maar," ek het gesê: "ek is heeltemal deurmekaar, daar's geen manier nie," klaar ontsteld geraak, julle sien: "so daar's hoegenaamd geen manier vir my om ooit my pad uit te vind nie. En ek—ek verdien nie om te lewe nie, Meneer, maar my vrou en baba wel." Sien? "So, help my om by hulle uit te kom, sodat hulle nie in die woude sal sterf nie." Ek het gesê: "Ek verdien nie om te lewe nie, maar hulle wel." En—en ek het gesê: "As U my net sal help, sal ek U baie dankbaar wees."

267 Ek het opgestaan, ek het gesê: "Nou, ek gaan my gesig reg *hiernatoe* draai, en ek weet ek gaan reguit na waar ek Meda-hulle gelos het." Maar ek. . .?. . .was reguit op pad in Kanada in, julle sien, op 'n doodswandeling, sien, reguit op pad in Kanada in.

268 En ek het *hiernatoe* begin gaan, en meteens, het ek Iets gevoel gaan [Broer Branham tik iets met sy hand—Red.], 'n hand, ek het gedink: "Wie is Dit?" En ek het opgekyk, en net betyds om om te kyk, en net genoeg mis het opgeklaar, dat ek die bopunt van Hurricaneberg gesien het, en hulle was gekamp net onder die Hurricaneberg.

269 Wel, toe het ek net daar gestaan en gehuil soos 'n baba, God geprys, julle weet, vir die hulp. Toe, moes ek uitgaan daardie kant toe, en dit het donker geword vir my, en—en takbokke en dinge het voor my opgespring. Maar ek het nie. . .En nadat dit donker geword het. . .Ek weet die veldwagter en ek. . .van hierdie veldwagter se kajuit is net daar by daardie afdak, maar dit was toegesluit. En dan, dis—dis vyf-en-twintig myl weg van die naaste huis van daar af ondertoe, julle sien. En dan hierbo op die berg, hier by die veldwagter se hut, en dan verder op na die toring, bo-op die groot piek daarbo, wel, ek het geweet ek was op die piek iewers.

270 Maar daardie berge is baie, baie, baie myle in omtrek, julle weet, dertig, veertig myl, vyftig, om die berg daar. En so het ek gedink: "Nou, as ek net daardie draad kan tref wat daar oorkom." Ek en hy het dit gespan vir 'n kommunikasie, julle weet, dit vasgekap teen die bome, en dit gaan af na sy stasie, dan herlei hulle dit van die—van die—van die toring af, julle weet, af na die stasie. Dan sou hy binne 'n paar dae gekom het om bere te jag saam met my.

271 En dit het nag geword, toe kon ek nie sien nie, julle weet. En dit, in elk geval donker, dit het donker geword binne omtrent dertig, veertig minute, en dit was net omtrent twee- of drie-uur in die middag. Maar ek hou my hand op soos *hierdie*, en ek sou loop, en ek sou dit net kry. . . my geweer in *hierdie* hand hou en loop, julle weet. En ek het geweet daardie draad is net omtrent *so* hoog, waar ons die hele pad aan die bome vasgekap het.

272 Ek het gedink: "As ek net daardie draad kon voel!" En ek sou 'n tak soos *daardie* voel, julle weet, en ek het gedink: "*Aha*! Nee, dis 'n tak," sien, ek sou weer probeer. Toe, toe ek omgeruil het, en my arm sou seer word, ek dit so lank opgehou het, sou ek omruil en my geweer *hier* sit en 'n paar treë terugstap, julle weet, om seker te wees dat ek nie daarby verbystap nie, julle sien, naby wees, en soos *daardie*.

273 En, broer, daarlangs, en klaar pikdonker, julle weet, en ek het omtrent 'n uur in daardie duisternis geloop, en my hand het daardie draad getref, ek het dit gevoel. Wel, ek het net my hoof gebuig en begin huil, julle weet, en ek het gedink: "Here, reg aan die einde van hierdie draad wag my vrou en alles." Sien? Ek het gedink: "Dis reg." En ek het daar gestaan en my kop gebuig en Hom daarvoor gedank. Ek het gedink: "Ja, Here, ek het my hand in U s'n, dit is 'n stroom, 'n draad, en reg aan die einde van hierdie draad, wat ek nou in my hart hou, hou alles wat vir my kosbaar is," sien: "al my geliefdes, my Here, My Verlosser, alles wat vir my dierbaar is, lê aan die einde van hierdie draad." So, ek wou nie my hand van daardie draad afhaal nie, ek het daardie draad reg teen die berg af gevolg.

274 Hoewel daar 'n klein—klein uit-. . . half-uitgetrapte paadjie daar was, waar ons sou opkom, julle weet, maar ek wou dit nie vertrou nie, ek het net die draad vasgehou. Wanneer ek 'n boom sou tref, sou ek reg rondom die boom gaan en dit weer vang, aangaan na die volgende boom, en dit weer vang, omtrent drie myl teen die berg af, en ek het daaronder gekom, en Meda was amper histeries, julle weet, net, so 'n probleem. Maar dis reg. Sien? Daar's niks, geen gevoel, soos om te verdwaal nie. Wat van verlore, verdwaal in die woude, maar wat van verlore wees van God?

275 Wel, Meda? Komaan, Skat, Broer Welch moet gaan werk, en Banks en hulle sal waarskynlik 'n vroeë begin wil hê, en al hierdie ander broers wat wil gaan werk, en ons susters moet—moet die kinders almal gewas kry en. . . ['n Broer sê: "Ons het dit so baie geniet."—Red.] Dankie. Dankie. As julle dit die helfte soveel geniet het as wat ek het, om met julle te praat, was dit wonderlik.

276 Broer Welch, dankie vir daardie lekker tyd vanmiddag, ook, wat ons daarbuite gehad het by die, wat my daarheen geneem het, daardie krokodilmoerasse daarbuite.

Suster, julle almal, ek dank jou beslis vir daardie lekker aandete.

['n Broer sê: "Dankie, dat jy afgekom het en by ons was, ook."—Red.] O, goeiste!

277 Het jy 'n dogtertjie daarbinne, ook? Sy het die mooiste hare, ek het opgelet sy het gevlegde, soort van 'n baie gelerige, goudkleurige hare, wat—dis regtig mooi.

278 Ek wil jou ook komplimenteer met jou hare, Suster. Ek weet dis beter. Ek glo jy het altyd kort hare gedra, het jy nie? Soort van tot op jou skouers, soort van geknip of *ietwat*, of het jy? [Die suster antwoord—Red.] Ja. Ek . . . Ja. Ek . . . Wel, dit lyk nou regtig mooi, sien.

279 Ek het hierdie opgelet, al hierdie vroue hier, met hulle lang hare en alles, dit lyk asof, o, hulle net so mooi kan wees soos die ander kant, julle weet, of hulle kort hare gehad het of nie, maar dit lyk net *so*, julle weet, julle weet wat ek bedoel. Net, miskien is dit net ek, maar . . .

Daar's daardie dogtertjie. Sy is 'n bietjie skaam, is sy?

Kan ek hom dra, Skat? [Suster Meda praat met Broer Branham—Red.] Waar is sy? O. Nee.

280 Hoor julle haar vir my sê? Het julle dit gehoor? Sy het gesê ons moet wag vir Becky om te kom, maar het gesê: "Beteken nie jy moet *soontoe* gaan en weer begin preek nie."

281 Het daardie dogtertjie nie ook mooi hare nie, Skat? Sy's 'n koekie met haar klein poniestert wat ook daaronder hang, klein rooiblond en . . .

282 Julle weet, ek gaan uitgaan en kyk of daardie ou, daardie ou Cadillac aan die gang kry as ek kan, Broer Welch. En ek sal, verskoon julle my net 'n oomblik, en ek sal kyk of ek kan, partykeer hoes sy 'n bietjie en blaf, julle weet, en . . . ? . . .

61-0808 Jou Huisgenote
Huisdiens
Tifton, Georgia V.S.A.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org